

Die Opkoms van Afrikaans as Kultuurtaal

'n Oorsig van die Geskiedenis van
die Afrikaanse Beweging, opgestel
volgens die leerplan vir Junior-
Sertifikaat of St. VIII (Transvaal)
en Matrikulasie of Stds. IX en X
(Kaap, Vrystaat en Transvaal)

DEUR

G. S. en P. J. NIENABER



439.3609

NIE

J. L. VAN SCHAIK, BPK. PRETORIA

Die Opkoms van Afrikaans as Kultuurtaal

'n Oorsig van die Geskiedenis van
die Afrikaanse Beweging, opgestel
volgens die leerplan vir Junior-
Sertifikaat of St. VIII (Transvaal)
en Matrikulasie of Stds. IX en X
(Kaap, Vrystaat en Transvaal)

DEUR

G. S. en P. J. NIËNABER

TWEEDE VERBETTERDE DRUK



J. L. VAN SCHAIK. BPK., PRETORIA

1944

942,597

— Gedruk in Pretoria en uitgegee deur —
J. L. van Schaik, Bpk., Uitgewers, Pretoria.

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord	5
I. Die tydperk van voorbereiding	7
II. Die tydperk van bewuswording	20
III. Die tydperk van oortuiging (die G.R.A.)	27
IV. Die agtergrond van die Na-Oorlogse tydperk	45
V. Die Suid-Afrikaans-Hollandse joernalis- tick en Afrikaans	51
VI. Vereniginge en Afrikaans	58
VII. Amptelike erkenning van Afrikaans	70
Opgawes	88

VOORWOORD.

Die skrywers het 'n poging aangewend om vir skoolgebruik 'n eenvoudige relaas van die geskiedenis van die Afrikaanse Beweging te gee. Die bedoeling was nie om die leerling met 'n menigte feite-materiaal te oorlaai nie, maar om die gang van die kultuurstrewe oorsigtelik en duidelik daar te stel, en om so waardering te wek vir wat die taalstryders vir ons deur hul geesdrif en inspanning bereik het.

Dit mag wees dat by sommige leerlinge 'n begeerte opgewek is om nog meer van hierdie episode te wete te kom. In dié geval kan hulle verder nales in die volgende studies :

S. J. du Toit in Weg en Werk (J. D. du Toit).

Ds. S. J. du Toit, die censame Ismael (P. J. Nienaber).

De Eerste Afrikaanse Taalbeweging (L. van Niekerk).

Eerste Skrywers (G. R. von Wielligh).

Die Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling (P. J. Nienaber).

Die Afrikaner en Sy Taal (J. du P. Scholtz).

Die Triomf van Afrikaans (E. C. Pienaar).

Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging (G. S. en P. J. Nienaber).

'n Volledige bibliografie is verder te vind agterin :

Afrikaanse Literatuurgeskiedenis, 3e dr. (G. Dekker).

Ons het dit nodig geag om alle aanhalings in die moderne spelling oor te bring.

Ten slotte ons hartlike dank aan mnr. F. J. le Roux van die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria, wat die ms. nagelees en ons van nuttige wenke voorsien het.

DIE SKRYWERS.

HOOFTUK I.

DIE TYDPERK VAN VOORBEREIDING.

A. *Die Hollandse Gedagte.*

Met die koms van Jan van Riebeeck en sy groepie koloniste aan die Tafelbaai op 6 April 1652 word 'n gemeenskap aan die Suidspits van Afrika gevestig wat die Hollandse taal praat, en hul lewe sover moontlik inrig na die maatskaplike instellings waaraan hulle in die vaderland gewoon was. Hulle beoefen die protestantse geloof en hou vas aan al die oorge-erfde gebruike en leefreëls. Met ander woorde, hulle verteenwoordig die Hollandse gedagte van die blanke beskawing onder die Hottentotte en ander inboorlinge.

Die Hollandse
Beskawing
word
oorgeplant.

Met die toekenning van plase aan vryburgers sedert 1657, verkry die nedersetting 'n nasionale betekenis. Hulle begin hierdie land as hul permanente tuiste te beskou en die Hollandse gedagte skiet 'n vaste wortel. Aanhoudend brei die groep vaste inwoners uit, word nuwe plase uitgereik en die binnelande dieper ingetrek; voortdurend word die bevolkingstal deur immigrasie ook sterker: een van die belangrikste aanwinste was die van die Franse Hugenote sedert 1687.

Ook die Hollandse taal kry gaandeweg 'n ander kleuring. Die amptenaarsklasse het natuurlik 'n redelike mate van geleerdheid besit en ons kan aanneem dat hulle die Hollandse taal suiwer kon gebruik.

Die Hollandse
taal word
omgevorm tot
Afrikaans.

Maar op die woonplase en onder die Trekboere op die voorposte het belangrike veranderings hulle geleidelik voltrek. Presies hoe dit plaasgevind het, is 'n vraag waarmee die taalgeskiedenis hom besighou en val buitekant die bestek van ons onderwerp hier. Voorlopig volstaan ons met die vasstelling dat Hollands onder die boerende bevolking in die loop van die agtiende eeu sover afgewyk het van die vorm wat in Nederland in gebruik was, dat dit skerp begin opval het.

'n Paar reisbeskrywers net na 1800 noem dit *Kaapsch-Hollandsch*, *Cape-Dutch*, of kortweg *Kaapsch*, d.w.s. 'n Kaapse variant van Hollands, of die Kaapse dialek van Hollands. Dr. Lichtenstein wat De Mist op sy reise as lyfarts vergesel het, deel mee dat jong seuns hul jagervaring vertel in „hul kort, kragtige Afrikaans-Hollands.” Ander benamings wat ons ook dikwels teekom, is *Boeren-Hollandsch* en *Boeren-Kaapsch*.

Ons merk duidelik op dat ons hier 'n nuwe loot van Hollands het, die begin van 'n nuwe taal. Dit is 'n taalvorm wat op Afrikaanse bodem ontstaan het en net hier tuishoort — die eerste Europese taal wat besig is om in ons land 'n eie identiteit te verkry.

Prakties het dit beteken, dat die geleerde mense die tipies-Afrikaanse, d.i. die afwykende eienskappe as 'n „verkeerde” vorm van Hollands beskou het. Gevolglik het niemand omstreeks 1800 daaraan gedink om in die „verkeerde” vorm te skryf nie, en vanselfsprekend is stukke uit hierdie tydstip in die volkstaal 'n baie groot uitsondering.

Die oudste
voorbeeld
van geskrewe
Afrikaans.

Tog het ons uit 1795 'n *Lied* op 'n bekende wysie waarin die Oranjegesinde skrywer die spot dryf met die voortvarende kommandant Delpoort en sy mense wat van Swellendam en elders gekom het om die Engelse inbesitnemers van die Kaap te ver-

dryf; maar toe die eerste bom tussen hulle bars, is die grootpraterij vergeet en hulle kies die hasepad. Die skrywer bespot nie net die „Helden” nie, maar ook hul afwykende spraakgebruik, d.i. die Afrikaanse taal, en daardeur is die hekelidig *Lied ter Eere van de Swellendamsche en Diverse andere Helden by de Bloedige Actie te Muizenberg* ons oudsbekende stuk in doelbewuste Afrikaans, of liewers in Kaaps-Hollands, want Afrikaans soos ons dit vandag ken, is dit op verre na nog nie.

B. Die Engelse Gedagte.

Na die tydelike besetting van die Kaap deur die Engelse (1795-1803) het die Hollanders weer aan die bewind gekom, dog dit was van korte duur. In 1806 word die Kaap opnuut as 'n Britse wingewes verower en daarmee doen die Engelse gedagte finaal sy intrede aan die Suidhoek van Afrika.

Die toestande is in hoofsaak die volgende: die gevestigde blanke bevolking is eentalig-Hollandsprekend, maar die heersersklasse, wat ook al die sleutelposisies beset het, is eentalig-Engelssprekend.

Dit moes noodwendig tot hervormingspoginge en daaruit voortvloeiende botsings lei. Die Britse owerheid het enersyds veel in die werk gestel om Engelse immigrante hierheen te lok ten einde 'n vaste Engelssprekende bevolkingsgroep in ons land te vestig, en andersyds is na die anglisering van die Hollandse volksdele gestreef.

Wat die eerste doelstelling betref, het dit o.a. gevoer tot die vestiging van die hoerende Britse Setlaars (sedert 1820) in die Oostelike Provinsie. Tot nou toe het die Hollandse volksdeel te staan gekom teenoor die minderbeskaafde inboorlingrasse, van nou af het hulle ook te doen met 'n ander mede-blanke nasie. Voorheen het hulle alle blanke inkomelinge geabsorbeer, nou word die nuwe (Engelse)

Immigrasie
van Britse
Setlaars.

immigrante deur geestelike kragte geskraag wat opname in die weg staan. Deurdat die 'Engelse die land besit en regeer, het dit hulle nasiengenote 'n sterk gevoel van eiewaarde of selfs meerderwaardigheid geskenk, wat weer 'n spoorslag was om hul eie geestesgoedere, soos hul taal, godsdiens, nasionale gewoontes en leefwyses hoog te hou en uit te leef. Ten spyte daarvan dat hulle aanvanklik 'n klein persentasie van die vaste blanke inwoners gevorm het, was die Engelse van die begin af 'n kragtige beskrywingsfaktor en hulle het hul invloed laat geld. Veral op die gebied van vermaaklikheid (bals, wedrenne) en bestuursaangeleenthede (distriks- en weërade, munisipaliteite, seggenskap in die sentrale landsregering) het hul invloed voelbaar geword.

Tesame hiermee gaan die feit dat die kulturele bande met Nederland die een na die ander deurgrensknip word, terwyl die nuwe kolonie op alle maniere nader aan die Engelse moederland getrek word.

Taalwette.

Dit lê voor die hand dat van owerheidsweë nie net pogings aangewend is om Britse koloniste hierheen te bring nie, maar ook om die Britse gedagte onder die andertalige blanke inwoners te laat ingang vind. Dit geskied deur 'n aantal verordeninge wat die verdringing van Hollands beoog. Die belangrikste en ingrypendste pogings is deur lord Charles Somerset tydens sy bestuur onderneem, nadat sy voorgangers reeds toegesien het dat aan Engels in die staatsadministrasie die alleenheerskappy toegewys is.

(a) Landsbestuur.

Van die begin af het die nuwe bewindhebbers volgens die algemene beginsel van die dae hul eie taal in die landsbestuur ingevoer. Waar die staatsamptenare Engelssprekend was, het geen moeilikheid voorgekom nie. Op 19 Februarie 1813 het sir John Cradock 'n verordening uitgevaardig wat die Engels-

onkundiges raak. Hy het bepaal: 1) Dat hy dit noodsaaklik beskou vir die koloniste om Engels aan te leer. 2) Dat die land eentalig regeer moet word, aangesien die beginsel van vertaling vreemd is aan alle doeltreffende uitvoering van landsake; diensgevolge ook sal die kennis van Engels 'n onontbeerlike vereiste vir alle toekomstige aanstellings wees.

Hierdeur is die taalkwessie in die staatskantore gereël.

Sodra die publiek, wat prakties Hollands-eentalig was, met die owerheid in verbinding moes kom, het hulle natuurlik van Hollands gebruik gemaak. Ook dit het sir John Cradock in 1813 verander deur die bepaling, dat alle sodanige stukke van 'n Engelse vertaling moes gepaard gaan, anders word dit aan die senders teruggestuur.

Terwyl daar planne ten opsigte van die skool (b) Die Regbank. en kerk gekoester word (soos straks sal blyk), is deur lord Charles Somerset op 5 Julie 1822 geproklameer dat Engels alleen vanaf 1 Jan. 1827 as amptelike taal van die regbank sal geld (of van 28 Mei 1825 in die Oostelike Provinsie waar die Setlaars hulle gevestig het). Bowendien word met die Charter of Justice in 1832 ook die hof van Landdros en Heemrade afgeskaf. So word die taal en instellings deur ander vervang.

Destyds het die regering nog die salarisse van (c) Die Kerk. die predikante betaal, sodat hulle eintlik staatsamp-tenare was en onder die toesig van die owerheid. Lord Charles Somerset het hom beywer om vir die Hollandse gemeentes leraars in te voer uit Skotland, waar die Presbiteriaanse kerk sy bolwerk het en wat ongeveer dieselfde is as die Hollandse kerk hier. In 1822 kom die eerste aantal Skotse predikante aan, nadat hulle 'n tydjie in Nederland gestudeer het om die Hollandse taal magtig te word. In 1834 was 13 van die 23 diensdoende leraars Skotte.

Dit spreek vanself dat hierdie voorgangers die Engelse gedagte goedgesind was, en dikwels ook aktief bevorder het. Toe in 1834 besluit is om die preekdienste waar nodig of wenslik, ook in Engels waar te neem, was dit vir hulle geen moeilike opdrag nie. Langsamerhand het dit, veral in die stede en groter dorpe, gewoonte geword om Engelse aandienste in die Hollandse kerke te hou, ten dele omdat die jongmense wat hul opvoeding in die skole deur medium van Engels ontvang of ontvang het, daardeur getrek is. Die gewoonte het veral na 1860 baie sterk toegeneem, ten spyte van veel voortdurende teenstand op sommige plekke en in sommige kringe.

(d) Die Skole. Reeds die eerste luitenant-goewerneur (Cradock) het die skool as sy vernaamste middel beskou om die Hollandse inwoners uiteindelik te verengels -- kyk besluit 1813 hoërop.

Maar eers lord Somerset het deurtastend te werk gegaan. Hy móés ook, as hy sy doel wou bereik. Omstreeks 1820 was daar in die Kaapkolonie naastenby 35,000 Hollandssprekende inwoners, en ds. George Thom skryf in Jan. 1821 aan Somerset o.a. „Out of Cape Town I will venture to say that there are not more than 400 persons who can converse in English, and not 200 if 150 who write it, or can read it.”

Somerset het ter vervanging van die ou Hollandse kosterskole 'n stelsel van vry Engelse staatskole op al die belangrike plekke in werking gebring. Aan die hoof hiervan het hy onderwysers met groot salarisse (vir dié tyd) geplaas. Ds. George Thom moes op versoek van Somerset geskikte persone in Engeland aanwerf en in 1822 het die eerste ses leerkragte „of known loyal principles” hier aangekom.

In die vry staatskole was Hollands nooit offisiel as vak of voertaal van onderrig erken nie. Hoewel

die bywoning van die vry skole aanvanklik goed was, het die Afrikaners eindelijk onrustig geword oor die verwaarlosing van Hollands en die skole het leeg-geloop. Dit het in 1839 tot 'n toegewing gelei waar-deur aan Hollands wel 'n klein plekkie toegewys is. Met die inspeksies is egter die aandag veral aan kennis van Engels bestee, wat tot verwaarlosing van Hollands aanleiding gegee het. Die toestande het sodanig versleg, dat die Onderwyswet nr. 13 van 1865 kon neerlê, dat slegs Engels as voertaal in alle eerste- en tweede-klas-skole gebruik mag word, en na 'n jaar ook in die plattelandse of derde-klas-skole.

Al hierdie taalbesluite het nie veel indruk op die Hollandse samelewing van die geslag 1806-1840 gemaak nie, maar tydens die daaropvolgende geslag (1840-1870) was die gesamentlike uitwerking op die maatskappy diepgrypend. Veral is dit waar van die stede en ander belangrike beskawingsentrums, wat as uitstralingshaarde gegeld het. Kennis van Engels is beskou as 'n teken van geleerdheid en vernaamheid, en dit het by baie persone van Hollandse afkoms gelei tot versaking van die tanende Hollandse gedagte, omdat hulle liefs die helder-stralende Engelse gedagte wou aanhang.

(e) Neerslag
in die sa-
melewing.

Dit was so ongeveer die taaltoestande teen 1875, toe die Afrikaanse Taalbeweging koers gekry het. Met die oog op die toestande het Jan wat Versies Maak (C. P. Hoogenhout) in sy bekende gedig *Vooruitgang* die aanklag gemaak:

„Engels! Engels! Alles Engels!

Engels wat jy sien en hoor;

In ons skole, in ons kerke,

Word ons moedertaal vermoor . . .”

C. Die Afrikaanse Gedagte.

Nederlands het nog onder die Hollandse vlag ontwikkel tot Kaaps-Hollands of vroeë-Afrikaans,

soos ons uit verskeie direkte en indirekte getuienisse kan aflei. Onder Britse vlag in die Kaapkolonie en na die Groot Trek onder die Republikeinse vlac benoorde die Oranjerivier het Kaaps-Hollands lang-samerhand oorgegaan tot Afrikaans in die eintlike sin van die woord.

Dit is veral die geval onder die boerende bevolking wat nie veel geleentheid gehad het om korrekte Nederlands te lees en te hoor nie. Die afwykings (of „foute”) het 'n gewoonte geword en gelei tot die bestendinging van die Afrikaanse kenmerke.

Stukke oor
Vroeë-
Afrikaans.

Die afwykings of plaaslike taalneigings val al meer en meer op. 'n Groningse landbouer, M. D. Teenstra, het om gesondheidsredes in 1825 'n paar weke in ons land agtergebly, en in die sesde brief van sy *Vrugten mijner Werkzaamheden* praat hij ook oor die taal en gee 'n samesprakie in Kaaps-Hollands (— die naam *Afrikaans* was nog nie in gebruik nie!) om sy landgenote te toon hoe die taal daar uitsien.

'n Ander Hollander wat ook as tolk in die hof werksaam was, nl. Swaving, praat oor die taaltocstand in Kaapstad in 1828 en lewer kommentaar oor die baie „fouten en feilen.” Die belangrikste bydrae van hierdie kant is wel die van die taalmeester dr. A. N. E. Changuion. Hy het omstreeks 1840 nog gehoop om die Nederlandse taal in Suid-Afrika herstel te kry en het met die oog hierop o.a. 'n grammatika saamgestel met die sprekende titel: *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld* (1844). In die voorwoord maak hy die titel tot leuenaar deur die bekentenis, dat hy wanhoop aan sy ideaal. Deur die grammatika heen het hy ook opmerkings oor die Afrikaanse uitspraak en vormleer gegee, en agterin 'n hele lang lys Afrikaanse woorde en uitdrukkings onder die opskrif: *Proeve van Kaapsch Taaleigen*

As ons so van opmerksame luisteraars verneem hoe anders Nederlands in Suid-Afrika geword het, veral na 1800, dan verwag ons tog om ook voorbeelde hiervan te sien, al verstaan ons dat mense nie maklik in 'n „verkeerde” vorm wil skryf nie, tensy hulle juis daarmee die spot wil dryf of ongeleerdheid voorwend.

Stukke in
Vroeë-
Afrikaans.

Dit is interessant om te merk, dat ons sedert Teenstra se samespraak in 1825 (vir Hollandse lesers bedoel), dikwels op geskrewe stukke in vroeë-Afrikaans afkom. Hulle is te veel om hier te noem, maar 'n verwysing na die belangrikstes is tog gewens.

In *De Verzamelaar* (Kaapstad), die weekblad van die bekende taalmeester J. Suaso de Lima, kom in 1826 grappige briefies van Hennepikker en Haanekam voor. Wie die skrywers is, weet ons nie, maar nou verskyn 'n verafrikaanste Fransman op die toneel, Charles Etienne Boniface, wat in 1830 'n samespraak en 'n brief in Hottentot-Afrikaans in *De Zuid-Afrikaan* plaas, die eerste Hollandse koerant in ons land, waarvan hy ook die redakteur was. Veral die samespraak is nie van verdienste onthloot nie. Boniface skryf twee jaar later (1832) die eerste oorspronklike drama wat in ons land ontstaan het, nl. *De Nieuwe Ridderorde*, waarin hy die geheelonthouders fel gësel. Hierin tree 'n paar keer twis-tende kleurlinge op, wat Boniface in hul vorm van Afrikaans laat praat.

Op grond van 'n paar duidelike aanwysings wil dit uitskyn asof Boniface se Kleurling-Afrikaans indruk gemaak het op die gemoed van 'n jong Kaapse vakman in die drukkersberoep, Louis Henri Meurant. Soos Boniface in die Westelike Provinsie die eerste redakteur van die eerste Hollandse koerant was, het Meurant dit in die Oostelike Provinsie geword. Van 1830 was hy in Grahamstad werksaam as drukker en vennoot in 'n Engelse koerantsaak.

Meurant.

Hier ook het hy waarskynlik die opvoerings byge-
woon van die grootste Afrikaanse suksesstuk van dié
dae, nl. die alleenspraak *Kaatje Kekkelbek* wat ten
dele gesing en ten dele gepraat is. Dit is geskryf
deur twee Britse setlaars Bain en Rex, en hoewel
daar onsekerheid oor die tyd van opstelling bestaan,
wil ons dit omstreeks 1834 plaas.

Meurant se Hollandse koerant (*Het Kaapsche
Grensblad*) het vroeg na sy verskyning (1844) met
stukke, meestal briewe, in Afrikaans begin — die
meeste uit die pen van Meurant self. Hy is lief om
'n anekdote mee te deel of 'n grappie te vertel, en
dit dan in sy voordeel uit te lê, sodat sy briewe
werklik leesbaar is. Meurant skryf vir die plesier
wat dit hom gee. In 1850 het hy sy koerant verkoop,
wat na sy uitrede nog net *een* Afrikaanse brief
opgecom het. Nou het hy 'n nuwe rigting ingeslaan
en die res van sy lewe as magistraat op verskillende
plekke opgetree.

In 1860 was hy magistraat op Cradock. Des-
tyds was daar 'n geweldige politieke aksie aan die
gang om die Oostelike Provinsie heeltmal los te
maak van die Westelike en hom sy eie parlement,
goewerneur en algemene administratiewe beslissings-
reg te gee. Meurant het die saak hartstogtelik bepleit
en in die plaaslike koerantjie *The Cradock News* in
Desember 1860 twee samesprake in Afrikaans oor
die strydpunt geplaas: *Zamenspraak tusschen Klaas
Waarzegger en Jan Twyfelaar*. Die prettige gesels-
trant en welwillende houding het dit groot popula-
riteit onder die Boeremense besorg, sodat Klaas
Waarzegger (Meurant) nog vier samesprake byge-
skryf en die geheel in 1861 as 'n pamflet uitgegee
het -- die eerste boek in ons taal!

Belekenis.

Daarop volg in dieselfde jaar Meurant se beste
werk, sy parlementêre briewe in *Het Cradocksche*

Nieuwsblad. ook deur ander blaaië oorgeneem en daarin druk gelees, en drukker nagevolg. In die Vrystaat (The Friend) en Kaapland ontstaan 'n ongekende skryflus in „Boere-Hollands” as gevolg van Meurant se skitterende aanwending van die volkstaal, veral met 'n grappige inslag. Die invloed van die pamflet en briewe was dus geweldig groot, maar in 'n ander sin as Meurant bedoel het: hy wou die Boere tot 'n politieke standpunt oorhaal deur hulle in hul eie taal te oortuig. Hy wou allermens die taal begunstig het. Maar die verloop van sake het dinge net mooi omgedraai: tot die afskeidingsplan het hy hulle tog nie bekeer nie, maar wel 'n menigte volgelinge gekry in die skrywe van Afrikaans. So seer het Afrikaans in die smaak geval, dat die oprigtings van 'n nuwe Bloemfonteinse koerant, *De Tijd*, dit selfs ernstig oorweeg het om hul nuusblad in Afrikaans uit te gee.

In 1861 is ook 'n versebundel gepubliseer waarin godsdienstige gedigte in Afrikaans verskyn het – maar dit het vir ons verlore gegaan.

Die aantal Afrikaanse bydraes in die koerante bly na 1861 onophoudelik voortduur. 'n Besliste hoogtepunt word in 1870 en 1871 bereik toe 'n Fraserburgse wetsagent H. W. A. Cooper onder die skuilnaam Samuel Zwaartman 'n reeks *Boerenbrievens* in die liberale *Het Volksblad* skryf, waarin hy op grappige wyse allerlei brokkies plaaslike nuus meedeel. Die inwoners het soms baie verontwaardig oor al die persoonlike en eensydig-komiese mededeelings geword. Zwaartman het 'n paar belhamels al te ongenadig laat deurloop. Maar sy skryfwyse het ook ander aangespoor om in sy trant nuusbrokkies te stuur en die oplewing in die korrespondensiekolomme van *Het Volksblad* was dientengevolge baie groot.

Samuel
Zwaartman.

Miskien om die bitsige aanvalle op hom het Zwaartman die taak van nuuskorrespondent laat vaar en in Afrikaans voorligting oor sake rakende die landsbestuur gegee (*Kaapsche Schetsen*). Sy lerende en ernstige werk het egter nie bekoor nie, en sonder navolging gebly.

Terugblik.

As ons nou 'n terugblik werp op die pogings om in die volkstaal hydraes te lewer, dan stel ons vas dat ons nog nie veel *liefde vir die volkstaal* as middel van gedagte-uiting gekry het nie. Die skrywers wat ons van naam ken, is haas almal nie-Afrikaners, m.a.w. Afrikaanskundige vreemdelinge. Almal bedien hulle van skuilname. Daar sal wel Afrikaners gewees het onder die skrywers van die bykans vyfhonderd stukke wat tussen 1825 en 1875 getel is, maar ook hulle het slegs by wyse van uitsondering (soos Bezuidenhout in 1851) uit noodsaak in die landstaal geskryf. Dit was maar proewe terwille van die grap en vir tydverdryf. Op dié taal as voertuig van gedagte het hulle neergesien en daarmee gespeel. Dit was net goed om jou daarin ongeleerd voor te doen, of om plat-boerse, komiese effekte te bereik.

Tog merk ons ook iets anders. Die Afrikaanse gedagte het in weerwil van alles aan krag toegeneem. Meurant kon nie daaraan ontkom toe hy in 1860 en 1861 die Boere wou bereik nie. En sedertdien het dit al 'n gewoonte geword om in die koerante boerebriewe (d.i. in Afrikaans gestel en handelende oor die boerende bevolking) raak te loop. Hoewel beskeie en net op bepaalde terreine, laat die Afrikaanse gedagte hom wel geld.

Ons merk dat Afrikaans geen regte opeis nie dat hy nie aanspraak op die plek maak wat Nederlands en Engels in die land beklee nie. Tog gaan hy dit baie gou doen — en dit sal stryd en teen-

kanting tot gevolg hê, soos die volgende hoofstukke sal aantoon. Om die stryd in erns aan te knoop, is manne nodig met liefde vir en geloof in die taal van die volk; manne wat bereid sal wees om op te offer: hul tyd, hul geld, hul krag, hul liefde.

HOOFSTUK II.

DIE TYDPERK VAN BEWUSWORDING.

Hoe vreemd dit ook al mag klink, tog sal dit 'n lang tyd duur aleer Afrikaners self sal instem dat Afrikaans hul eie taal is. Hoewel hulle Nederlands nie meer korrek en met gemak kan praat (of skryf) nie, bly hulle dit nog steeds bestempel en aanvaar as hul moedertaal.


Hulle moet eers van die eenvoudige waarheid, dat *Afrikaans hul moedertaal is*, bewus gemaak word. Bekerings- en oortuigingswerk moet vooraf verrig word — en soos dit altoos met groot hervormingsbewegings die geval is, sal een of 'n paar intellektueles 'n beter begrip van die reddingsmiddels hê en as hartstogtelike pleitbesorgers vir die nuwe saak optree.

Daar moet dus eers leiers kom, wat 'n duidelike visioen kry en dissipels vir die ideaal werf.


A. Pannevis.

So 'n leier is dr. Arnoldus Pannevis (1838-1884). Hy is Nederlander van geboorte, 'n groot kenner van die klassieke en verskeie moderne Europese tale en 'n geleerde wat deur ds. S. J. du Toit geroem is as die grootste taalkundige wat Suid-Afrika destyds gehad het. In 1866 kom hy in ons land aan en word onderwyser aan die Paarlse Gymnasium.

Pannevis was baie godsdienstig. Een van die redes waarom hy sy beroep as skepsdokter neergelê het, was omdat hy die gevloek van die matrose nie langer wou aanhoor nie. Hier in die Paarl word hy getref deur die lae peil van opvoeding onder die




L. H. MEURANT.



PRES. F. W. REITZ.



DR. A. PANNEVIS.



DS. S. J. DU TOIT.

Kleurlinge en leer hy besef dat hulle die Nederlandse Bybel nie meer so goed begryp nie, vanweë die afstand tussen die Bybeltaal en Kleurling-Afrikaans. Daar is volgens hom 'n behoefte aan 'n vertaling van die Bybel in eenvoudige „Afrikaansch-Hollandsch” vir die Kleurlinge.

Die gedagtes druk hy uit in 'n brief aan die ^{1872.} ortodoksgesinde koerant. *De Zuid-Afrikaan; (Het Volksblad*, die ander groot nuusblad van Kaapland, was liberaal). Dit het op 7 September 1872 verskyn en 'n paar briewe uitgelok oor die wenslikheid van 'n vertaling. Toe het die geskryf doodgeloop.

Hiermee het Pannevis dus weinig bereik, maar sy wesentlike betekenis lê in sy invloed op C. P. Hoogenhout en ds. S. J. du Toit. Hy het hul oë geopen vir die goeie reg van Afrikaans as kultuurtaal, en hulle aangevuur om daarvoor in die bres te tree.

Casper Peter Hoogenhout (1843-1922) is ook ^{Hoogenhout.} 'n Hollander (gebore in Amsterdam). Die vrome Pannevis het hom nie alleen gehelp om sy onderwyserseksamen af te lê nie, maar onder Pannevis se invloed het Hoogenhout ook tot bekering gekom. In later jare het Hoogenhout hom gedenk as sy „dierbaarste vriend op aarde.” In gesprekke met Pannevis het die jong onderwyser hom van sy vooroordele ten opsigte van Afrikaans kon ontdoen en 'n ywerige voorstander geword. As dertigjarige bring hy die bewyse van sy geloof in en entoesiasme vir die jong Boeretaal, wat hy nou al dertien jaar lank gehoor het.

Net soos sy leermeester skryf Hoogenhout in ^{1873.} *De Zuid-Afrikaan* 'n brief oor *Die Bijbel in die Afrikaans* (12 April 1873). Maar anders as Pannevis skryf hy self in Afrikaans en, wat belangriker is, pleit hy vir 'n vertaling terwille van die Afrikaner self (Pannevis vir die Kleurlinge). Sy liefde vir die lands-

taal is groot en sterk, en hy voorsien die tyd dat dit Nederlands en Engels as kultuurmedium by die Afrikaners sal vervang. In 'n later stuk (5 Julie 1873) droom hy selfs met genoegdoening oor die voorreg van 'n eie letterkunde.

Herhaaldelik beklemtoon hy die noodsaaklikheid om die onderwysprogram te wysig en aan te pas by die behoeftes van die volk, waaronder ook studie van Afrikaans nie uitgesluit is nie. Sy Afrikaanse *Gesprekke tusse oom Jan Vasvat en neef Daantjie Loslaat* (waarvan daar tussen 26 Julie 1873 en 18 September 1875 dertien verskyn het), bevat 'n breër uitwerking van verskillende sake van nasionale belang.

In hierdie jaar (1873) word ook die eerste Afrikaanse boek nà Meurant se pamflet in die lig gegee, nl. *Die Geskiedenis van Josef voor Afrikaanse Kinders en Huissourens, in hulle eie Taal geskrywe deur een Vrind*. Die Vrind is C. P. Hoogenhout. In die Voorwoord sê hy o.a.: „Nou wil ek vir julle een ding vra en dit is: As julle bid, dan moet julle ook meteens aan ons liewe Heer vra, dat die Bybel tog vertaal mag word ook in die Afrikaanse taal. Hy sal dit seker doen, want die Bybel is Sy Woord en die Woord moet aan alle mense bekend gemaak word in hul eie taal.”

Hoe gans anders is sy houding teenoor Afrikaans as ons dit stel naas die van Meurant! In hom brand die dwingende liefde vir 'n taak wat hom al meer en meer in beslag neem. Geen wonder dat Hoogenhout die kopstuk bly in die pennestryd om die mense wakker te skud en bewus te maak nie.

Sy artikels het 'n lewendige en voortdurende diskussie te voorskyn geroep, maar ander nie tot doelbewuste optrede aangespoor nie. Dit is die tydperk van opwekking.

Nou tree 'n deurdrywende persoon en helder denker hom ter syde, 'n vereerder en leerling van Pannevis, nl. die vier jaar jongere predikant S. J. du Toit (1847-1911). Hy is die eerste gebore Afrikaner wat 'n leidende aandeel gaan neem. Hy het vir hom die treffende skuilnaam gekies van „Ware Afrikaander.”

Ds. S. J. du Toit.

Op 8, 11 en 22 Julie 1874 verskyn daar in *De Zuid-Afrikaan* 'n reeks van drie artikels in Nederlands oor „De Afrikaansche Taal” waarin ds. Du Toit („Een Ware Afrikaander”) o.m. bewys dat Afrikaans wel 'n taal is en ook die eintlike moedertaal van sy volk. Hoogenhout rig na aanleiding hiervan 'n brief aan Du Toit om hom tot samewerking uit te nooi. Daarin sê hy o.a. „Daar moet tog 'n taalkunde gemaak word, en vaste reëls hoe 'n mens moet spel, sodat ons nie somaar hot en haar skrywe nie . . . Ons kêrels wat vir Afrikaans is, moet met mekaar kennis maak, dan kan ons saamwerk, dit sal baie beter wees” (*De Zuid-Afrikaan*, 24 Okt. 1874).

Hieraan het ds. S. J. du Toit gehoor gegee (25 Nov. 1874) en o.a. sewe spelreëls opgestel, waarvan die eerste lui: „Ons skryf soos ons praat” Ook spreek hy hom uit oor die behoefte aan 'n *Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk*, 'n taak wat kort daarop deur ds. Du Toit in samewerking met ander ter hand geneem is. In 1877 het dit in druk verskyn. Ondertussen word die briefwisseling vlytig voortgesit. Daar kom gaandeweg meer helderheid en koers aangaande die weg wat die voorstanders moet inslaan om Afrikaans sy regmatige plek te laat inneem.

Dit is vir hulle duidelik dat hulle deur voorbeeld en propaganda die gedagte van Afrikaans as 'n gelykbergtigde kultuurtaal by die eie volksgenote algemeen ingang moet laat vind. Hulle moet die

Afrikaners taal- en nasiebewus maak. Daarom werk 'n paar voorstanders aan die *Geskiedenis*, 'n Afrikaanse grammatika en 'n Volkslied. Die Bybeloorsetting het hulle nooit uit die oog verloor nie, maar eers moet die volk met sy skryftaal versoen word.

Pannevis het al hierdie pogings waarskynlik met welgevalle gadeslaan, dog ook met agterdog. Hy het 'n brandende begeerte gehad om die Bybel in eenvoudige, verstaanbare Afrikaans vertaal te sien. Vermoedelik wou hy tegelykertyd aan die volkstaal die oorwinning besorg deur middel van die Bybel daarin: „gee die mense eers die Woord van God in hul eie taal en hulle sal die Bybel makliker begryp en vanself hul taal eer,” was waarskynlik sy program van aksie, terwyl die jongeres, sy vriende en leerlinge, van oordeel was dat jy eers die mense tot die taal moet bekeer en dan sal hulle vanself op 'n oorsetting van die Bybel aandring.

Pannevis het in elk geval besluit om op eie houtjie te handel. Toe die briefwisseling tussen Een Ware Afrikaander (S. J. du Toit), Klaas Waarzegger Jnr. (C. P. Hoogenhout) e.a. sedert Julie 1874 in volle gang was, skryf hy op 7 November 1874 direk aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap (B.B.B.G.) in Londen en pleit vir 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans, wat hy 'n verbasterde Hollands en 'n dialek noem. Sonder sy medekennis beveel Pannevis vir ds. S. J. du Toit as 'n geskikte persoon aan om die werk te onderneem.

Pannevis het nie veel takt aan die dag gelê nie. Sy voorstelling van Afrikaans as 'n brabbeltaal wat langsamerhand deur Engels in Suid-Afrika vervang sal word, is geen oortuigende argument vir sy saak nie. So het die B.B.B.G. dit ook gevoel toe hulle aan hul plaaslike sekretaris in Kaapland, ds. G. Morgan van die Skotse Kerk, Kaapstad, opdrag gegee het

Pannevis gee
opnuut 'n
stoot.

om die moontlikhede te ondersoek en hom meedeel dat hulle darem nie geneë is om brabbeltale te bestendig nie.

In Julie 1875 is op Wellington 'n predikante-konferensie gehou. Ds. Morgan het die saak van 'n Bybelvertaling in Afrikaans daar ter sprake gebring, maar dit is afgestem. Hy het hom daarop in verbinding gestel met ds. S. J. du Toit (wat deur Pannevis as 'n geskikte vertaler genoem is). Ds. du Toit het beloop om die voorstel met 'n paar voorstanders van 'n Afrikaanse Bybeloorsetting te bespreek en hulle bevindings later aan ds. Morgan mee te deel.

Dit is 'n gelukkige omstandigheid dat die jong ds. S. J. Du Toit, wat agtereenvolgens in die gemeentes Kaapstad, Wellington en Tulbagh tydelik gearbei het, nou (Augustus 1875) na die pasgestigte gemeente Nòorder-Paarl as vaste leraar kom. Daar-deur woon die klompie warmste pleitbesorgers van die goeie reg van Afrikaans betreklik naby mekaar, en dit word moontlik om die belofte aan ds. G. Morgan gou na te kom.

Sametrekking
van Persone
en Kragte.

Op 14 Augustus 1875 vind die vergadering in die huis van mnr. Gideon Malherbe, Pastorielaan, Paarl, plaas. Teenwoordig was: Ds. S. J. du Toit; sy broer D. F. du Toit (Oom Lokomotief), 'n onderwyser; C. P. Hoogenhout, onderwyser op Groenberg naby Wellington; S. G. du Toit (later onderwyser); A. Ahrbeck (later predikant); en die boere G. Malherbe, P. J. Malherbe en D. F. du Toit (met die bynaam Dokter). Opvallend is die afwesigheid van Pannevis, wie se voorstel bespreek moes word.

Uit die diskussie blyk dit, dat die vergadering dit eens was met Pannevis se opvatting betreffende die wenslikheid om die Bybel in Afrikaans te vertaal, maar oneens met hom dat die tyd daarvoor ryp was, aangesien die Afrikaners self nog nie insien dat

Stigting van
die G.R.A.

Afrikaans hul moedertaal is nie. Tot die besef moet hulle eers gebring word, en met die oog daarop besluit die vergadering om 'n genootskap te stig.

Dit is dus 'n direkte gevolg van Pannevis se brief aan die B.B.B.G. Nie net het hy volgelinge gewerf nie, maar ook die stoot gegee dat hulle hul verenig in 'n genootskap om as 'n geslote groep vir 'n ideaal te stry: nl. om die volk tot die oortuiging te bring dat hulle 'n eie taal het. In die sin kan ons Pannevis wel die vader van die Afrikaanse Beweging noem.

HOOFSTUK III.

DIE TYDPERK VAN OORTUIGING.

(Die Genootskap van Regte Afrikaners.)

Pannevis wou veral 'n Bybelvertalingsbeweging gehad het. Naam en
Reëls.

Die G.R.A. (Genootskap van Regte Afrikaners) het veral 'n nasionale beweging beoog, met die taalstryd as die vernaamste terrein van aksie vir die begin.

Dit word duidelik op hul tweede vergadering 'n maand later, toe die naam „Genootskap van Regte Afrikaners” aan die groepie eendersdenkendes gegee is en die „Algemene” en „Aparte Bepalings” opgestel is, wat hul ideale weergee en die program van aksie bevat.

Die tweede „Bepaling” lui: „Die doel van ons Genootskap is: Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land.”

Op die uitvoering van hierdie doelstelling het 'n paar „bepalings” betrekking, w.o.:

„IX. Ons eerste werk sal wees om elke maand 'n blad uit te gee, wat die naam sal dra van *Die Afrikaanse Patriot* in die vorm van 'n boekie van sestien (16) bladsye.

X. Van tyd tot tyd word daar prysvrae uitgeskrywe.

XI. 'n Woordeboek en Spraakkuns gee ons uit so gou as moontlik, en veral ander skoolboekies.”

Vir ons is die „vierde bepaling” vandag 'n vanselfsprekendheid, maar toe was dit rewolusionêr:

„Op al ons vergaderings en in alle offisiële stukke moet die Afrikaanse taal gebruik word.”

Bewus van hul swakheid het die Hugenote- en Geuseseuns nie op eie krag gesteun nie en o.a. neergelê:

„XII. Elke lid moet glo in die versoeningsdood van ons Heer Jesus Christus.

XVII. Elke vergadering sal met gebed geopen en gesluit word.”

'n Volksbe-
weging.

Ons moet 'n paar aspekte eers benadruk om die verdere verloop goed te begryp. Soos uit die doelstelling, en ook die naam van die Genootskap en die voorgenome maandblad blyk, was die beweging iets meer as 'n taalbeweging. Dit groepeer die regte Afrikaners, die Patriotte of ware vaderlanders saam in 'n verenigde strewe ten behoeve van die eie taal, nasie en land. Dit wil die hele volk bewus maak van sy geestesgoedere en opwek tot aanvaarding en toe-eiening. Die Genootskap rig hom tot die volksdeel wat in geestelike armoede leef, wat Nederlands tot 'n meerdere of mindere mate verstaan, maar hom daarin nie volledig en maklik kan uitdruk nie. Om die volk op te wek, moet hulle ook 'n stem kry, self kan praat en nie net luister nie. So word die nasionale beweging dan aanvanklik 'n strewe om die volk taalbewus te maak. Let in dié verband daarop, dat die G.R.A. nie net op die volwassenes en die hede die oog het nie, maar ook op die kinders in die skole (bepaling IX), en die toekoms.

'n Moeilike
Taak.

Vir die tyd en die kampvegters is dit 'n groot program. Die leiers is nie in die eintlike sin geleerde mense nie (al was daar predikante en onderwysers onder hulle), en om 'n woordeboek of 'n spraakkuns van 'n haas ongeskrewe taal op te stel, vereis vak-kennis. Ook moes hulle vaste spelreëls soek en die jong taal in goeie bane lei — geen eenvoudige taak nie. Maar hulle was praktiese mense met gesonde

insigte en 'n duidelike besef van die behoeftes van die oomblik.

Eindelik let ons daarop, dat hulle besiel was met 'n sterk geloof en 'n groot liefde. Anders kon hulle nie so direk teen die gangbare mening en openbare opvattings ingegaan het nie. Hul strewe tog was niks minder as 'n opstand, 'n kettery teen gevestigde houdings en oortuigings nie. Bloot uit selfbeskerming teen die felle publieke afkeur moes hulle later 'n skuilnaam gebruik vir die redakteur van die koerantjie! Later sal die vyandigheid teen hul pogings baie hoog opvlam en sal hulle veel miskennis en verkleining moet verduur — en tog het hulle volgehou. Want by hulle was dit 'n geloofsdaad. In die eerste propagandastukke sal ons herhaaldelik die bewoë stem van diep oortuiging en erns verneem veral by S. J. du Toit en C. P. Hoogenhout. Dit is vir hulle nie langer 'n grap nie, maar lewensnoodsaak.

Die groot betekenis van die stigting van die G.R.A. is dus veral tweeërlei: (1) Sametrekking van kragte vir eendragtige optrede; en (2) 'n ware, dringende liefde vir die volkstaal en nasionale saak by die voorstanders en baanbrekers.

Na die vergadering is daar aan die werk gespring. Hoogenhout en Pannevis het reeds die bekende *Afrikaanse Volkslied* opgestel, waaraan ook Oom Lokomotief (D. F. du Toit) en in 'n minder mate ds. S. J. du Toit 'n handjie bygesit het. Die eerste strofe lui:

'n Ieder nasie het sy LAND,
Ons woon op Afrikaanse strand,
Vir ons is daar geen beter grond
Op al die wêreldrond.
Trots is ons om die naam te dra
Van kinders van Suid-Afrika.

Daarop rig die Genootskappers hulle tot die publiek in 'n Ope brief, waarin hulle belydenis van hul nuwe liefde aflê, met skriftuurlike bewyse die goeie reg van hul saak verdedig en om ondersteuning vra. Daaruit haal ons aan :

„Elke poging, al is dit nog so swak, om ons moedertaal, wat ons dierbaar en heilig is, te bewaar en te verdedig, sal ons voorstaan en bevorder so lank as ons leef . . .

„Nee, Afrikaans is nog die baas. Daar is vandag meer wat Afrikaans praat as in 1812. Die grootste gros van ons nasie praat almal nog Afrikaans.

„Maar daar is darem drie soorte van Afrikaners. Dit moet ons in die oog hou. Daar is *Afrikaners met ENGELSE harte*. En daar is *Afrikaners met HOLLANDSE harte*. En dan is daar **AFRIKANERS MET AFRIKAANSE HARTE**. Die laaste noem ons **REGTE AFRIKANERS**, en die veral roep ons op om aan ons kant te kom staan.

„En wat gaan ons dan maak? . . . Regte Afrikaners, ons roep julle op om saam met ons te erken dat die Afrikaanse taal ons moedertaal is wat ons Liewe Heer vir ons gegee het; en om saam met ons te staan vir ons taal deur dik en dun; en nie te rus nie vóórdat ons taal in alle opsigte algemeen erken is as die volkstaal van ons land.”

Die *Volkslied* en Manifes het in *De Zuid-Afrikaan* verskyn en is as strooiblaadjies onder die publiek versprei. Ondertussen is reëlings met die uitgewers van *De Zuid-Afrikaan* getref, by wie op Saterdag, 15 Januarie 1876 die eerste aflewering van die maandblaadjie *Die Afrikaanse Patriot* verskyn het, en waarin weer die *Volkslied* en die Manifes opgeneem is. Die hoofartikel bring nogeens dieselfde wekroep :

„So moes meer as een Afrikaner wat *verstand en gees* het, stilbly, omdat hy *geen taal* het waarin hy hom kon uitdruk nie. En die Hollandse of Engelse taal wat hy daartoe wou gebruik, kom hom net so sleg te pas as Saul se wapenrusting vir Dawid. Nee, jonge Afrikaners! gooi nou weg die vreemde wapenrusting nes Dawid Ja, nou kan elke Afrikaner skrywe wat hy wil in sy eie taal”

Dié soort propagandastukke het groot opspraak verwek, meestal afkeurend, soos blyk uit die soms bitsige en venynige aanvalle in die openbare pers op die „Dalse boertjies.” Veral van die intellektueles is bitter teenstand ondervind. Maar die G.R.A. het voortgegaan en in elke maandblad is nuwe strydvaardige artikels ter verdediging en regverdiging geplaas. Medewerkers tree toe en intekenare (wat vyf sielings vir die eerste jaargang moes betaal) kom by die dag by, veral uit die platteland.

Een rede wat die byval verklaar, is die eenvoudige, maklik-verstaanbare Boeretaal, ryk aan 'n nuwe beeldingskrag. Hierby kom die gasvryheid en toeganklikheid van die redaksie, waardeur daar 'n persoonlike band tussen leser en tydskrif gelê kon word. Die aard van die stof kan ons die beste aantoon deur op die rubrieksindeling van die redaksie te let soos in die eerste uitgawe uiteengesit.

„Afrikaners! vra julle altemits wat daar in die koerant sal te lees wees, of, in ander woorde, hoe ons die blad sal inrig? Kyk dan, hier is die plan:

1. 'n Inleiding.
2. Afrikaanse Korrespondensie.
3. Afrikaanse Geskiedenis.
4. Afrikaanse Gedigte.
5. Afrikaanse Taalkennis.
6. 'n Maandelikse Oorsig van die vernaamste nuus.
7. Vrae en Antwoorde.

. . . No. 2 is vir julle om te skrywe No. 3 is ook vir julle No 4 is ook vir julle. Julle kan nou rym en dig dat dit nie maklik is nie. Jonge Afrikaners! julle kan moes fluks rym! Stuur julle gedigte, kêrels! Stuur maar! Die wat 'n beter gedig stuur as ons „Volkslied" die kry van ons 'n pluimpie. En die wat foute maak, dis niks nie, ons sal hom reghelp No. 5 is vir julle en vir ons No. 7 is vir intekenaars . . ."

Let op die persoonlike aksent, en merk ook dat die tydskriffie in die begin haas geen ruimte oopstel vir politieke of ekonomiese aangeleenthede nie. Hoewel politiek 'n paar keer 'n heel ondergeskikte plekkie in die eerste jaargang ingeneem het, bly *Die Patriot* tog hoofsaaklik 'n nasionaalgesinde taal- en kultuurblad.

In weerwil van bitsige en venynige teenkating, soos dit veral in die korrespondensiekolomme van die openbare pers tot uiting kom, het die eerste Afrikaanse kulturele orgaan in elke opsig, behalwe die finansiële, bemoedigende vooruitgang getoon. Die getal intekenare aan die einde van die eerste jaar het by die 400 beloop. Dit het nodig geword om die planne vir uitbreiding deur te voer.

Die Patriot verskyn in 1877 as 'n *weekblad* wat nou in die Paarl uitgegee word en dit neem ook advertensies op. Die hoofartikel vermeld o.m. „*Die Patriot* sal nou bevat: die vernaamste nuus van ons land en van ander lande, 'n lys van vendusies, die pryse van vee" M.a.w., die kulturele tydskriffie word 'n koerant, 'n gewone nuusblad. Aan gedigte en korrespondensie word nog ruimte afgestaan, maar dit bekleed nou 'n ondergeskikte plek. Van groot belang bly die voortdurende stryd vir Afrikaans as moedertaal, en die redakteur besluit sy eerste hoofartikel met enige reg as volg:

Die Patriot,
1877.

„Kom dan, ons gaat gemoedig voort,
Met d'oog op God en op Sy Woord,
En werk verenig hand aan hand
VER MOEDERTAAL EN VADERLAND.”

Langsamerhand brei die taalbeweging tot 'n algemene volksbeweging uit. Dit word juis deur die politieke gebeurtenisse in die Transvaal (nl. die anneksasie van die Republiek deur Shepstone), grootliks bevorder. In weerwil van hul afkeer van sy taalvorm (Afrikaans), het baie persone intekenare op die koerant geword om sy voorspraak van die saak van die Transvalers te verneem. Hulle het dikwels sy taalvorm verafsku, maar sy politieke sienswyses toegejuig, en daarom ingetekene.

Politiek oorheers nou.

Ds. S. J. du Toit bly nog die besielende leier en 'n man met groot invloed deur middel van die koerant. Hy laat die letterkundige werk veral aan C. P. Hoogenhout („Oom Jan wat versies Maak”) oor en begin meer in die politiek belang te stel. Dit hinder hom dat die Afrikanerboer ondanks sy voorregte onder die Verantwoordelike Bestuur geen politieke mag in die land is nie, en so roep hy die Afrikanerbond in 1879 in die lewe - 'n organisasie wat later so sterk was dat dit ministeries kon skep of ten val bring. Van die liggaam word *Die Patriot* die amptelike orgaan.

Oor die bemoeïinge van die nuusblad op ekonomiese en landboukundige gebied hoef ons nie verder te praat nie. Dit het met die verloop van die geskiedenis van die taalbeweging in enger sin weinig te doen.

Van meer belang vir ons onderwerp is die betekenis van *Die Patriot* as middel om leeslus op te wek by die plattelandse bewoners wat anders nooit gewone lektuur ter hand neem nie; en om Afrikaans as skryftaal te bevorder. In die opsigte ook het die blad veel nut gestig.

Oortuigingswerk op Taalgebied.

„'n Ongeleerde Boer" sê bv. in *Die Patriot* van Aug. 1876: „Oom Lokomotief, gee stoom aan die vuurwa!" In die eerste aflewering van die tweede jaargang (1877) vind ons die volgende gesprek:

Broer Dawid:—„Het jy ons *Patriotte* meegebring?"

Meneer M.:—„Ja, daar is dit. Hoe lyk julle dan so snoep vir die *Patriot*?"

Neef Danie:—„Ja, glo my, ons wag op *Die Patriot* nes 'n hond na 'n stuk vleis. Dis 'n al te dierbare koerantjie"

Ons kan die staaltjies in haas elke uitgawe teenkom. Selfs vooraanstaande leiers op verskillende gebiede sal op die taalkongresse in 1896 en 1897 getuienis aflê hoe die blad hulle tot ander insigte oor hul moedertaal gebring het. Met juiging en dankbaarheid bring hulle hulde oor die verlossende bekering wat in hulle voltrek is. Hulle moes hul eie vooroordele eers oorwin. In die begin het hulle ook soos die teenstanders gemeen dat Afrikaans 'n Hotnotstaal is, 'n dialek en 'n „patois," en dat die verheffing daarvan tot skryftaal 'n stap agteruit is. Afrikaans, het hulle gemeen, is te plat en onbeskaaf om in diens van hoëre geestesuitings gestel te word. Dit het die teenstanders eerlik geglo en die *Patriot*-strewer op die kragtigste wyse bestry. Gevoelens het veral hoog geloop as daar sprake is van die vertaling van die Woord van God in die nuwe volkstaal. Dit is spotterny en heiligskennis, het hulle vertoornd uitgeroep.

Die Patriot het by baie die antipatieë oorwin en getoon, dat hy bo alles uit 'n positiewe strewer het: om die taal te veredel, die gewone man uit die volksklasse te leer lees en skryf, hom met kennis as landsburger te wapen en hom deur dieper insigte as mens te verhef op 'n hoër lewensplan. *Die Patriot*

'n Positiewe
Strewer.

is nie in die eerste plek 'n afbreker nie, maar 'n ophouende en vormende krag ten opsigte van die nasionale saak. Om die rede ook kon *Die Patriot*-beweging Nederlands in Suid-Afrika steun, hoe vreemd dit met die eerste oogopslag mag lyk; selfs boeke, veral oor godsdiens, is deur die *Patriot*-kantoor in Nederlands gedruk en versprei. Die aandeel van hierdie koerant aan die stryd om Nederlands as 'n taal van die Parlement erken te kry, was groter as van enig ander nuusblad, en hulle het allerhartliks saamgejuig toe die wet in 1882 aangeneem is. Ook is aan die Taalbond, wat die kennis van Nederlands wou bevorder, die volste steun verleen. Alleen wanneer op Nederlands aangedring word vir die mindergeleerde persoon en hy daardeur tot 'n doofstomme toelusteraar veroordeel word, het *Die Patriot* in felle vernet geraak. Dit is onbillik, want as die eenvoudige Boer wil praat, l aat hom dan praat in die taal wat hy k en, sy moedertaal. En gee hom ook leesstof in die taal om hom te vorm.

Daarom het *Die Patriot* hom nie gerig tot diegene wat weens hul goeie geleerdheid geholpe was nie, maar tot die minder-gelukkige plattelandse leser in sy betreklike afsondering. Aan hom moes 'n nuwe waarde en 'n ho er waardigheid verleen word langs die weg van sy moedertaal. Daarin het hulle veel sukses gehad. Herhaaldelik ontmoet ons juigende uitlatings van lesers, meestal besonder triwiaal maar tog kensketsend van volkskuns:

„Ons is so bly, ons is so bly.
Ons sal ons eie taal nou kry;
Ons lees al nes ons praat.”

Rymlus het van die lesers besit geneem, veral in die bewo e jare van die Eerste Vryheidsoorlog. Soos daar treffend ges e is: „Elkeen wou rym, van wyle generaal Piet Joubert af, tot die veewagtertjie

Publikasies-
Gedigte.

in die veld." Die versies is in *Die Patriot* afgedruk en het soms 'n hele byblad beslaan wanneer die letterkundige redakteur, „Oom Jan wat Versies Maak" (skuilnaam van C. P. Hoogenhout) 'n opruiming hou. Byna almal is periodiek saam in boekvorm uitgegee, genoem *Afrikaanse Gedigte*, waarvan daar sewe verskillende „versamelings" verskyn het (1878, 1881, 1882, 1883, 1885, 1889 en 1901), benewens nog 'n bloemlesing en 'n groot algemene versameling (1906). Let daarop hoe gedurende die Vryheidsoorlog en daarna byna jaarliks 'n digbundeltjie kon verskyn omrede die groot aantal wat ingekom het. In die beginjare was die onderwerpe by voorkeur: moedertaal en vaderland; gedurende en direk na die Eerste Vryheidsoorlog het lof- en brandende spotsange ontstaan na aanleiding van die vernaamste veldslae en politieke verwickelinge in die land. In later jare het huislikheid, romantiek en godsdienssin die botoon gevier. Hierdie werk is alles as volkskuns te beoordeel. 'n Belangrike oorweging is dat hulle grotendeels die voortbrengsels van eenvoudige mense is wat andersins nooit 'n pen vir die doel hanteer het nie. Dit toon die magnetisme van die Afrikaanse Gedagte.


Onder die letterkundige werk moet ook die „roman" *Catharina, die Dogter van die Advokaat* deur C. P. Hoogenhout (Klaas Waarzegger Jnr.) gereken word — uitgegee in 1879 as die werk wat die G.R.A. se prysvraag gewen het. Verder noem ons nog die vyf novelles van J. Lion Cachet, nl. die „*Duiwels*" (tussen 1882-1892).

Die ander werke in die „Bepalings" in die vooruitsig gestel, het ook verskyn. Hulle is deur aangewese persone geskryf en het 'n praktiese doel beoog. Omdat die G.R.A.-strewende daarin tot uitdrukking kom, noem ons 'n paar van die vernaamste:—

Die Afrikaanse Almanak.

BURGERLIK EN KERKELIK

VER 1877.



UITGEGE DEUR DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS.

KAAPSTAD :

VERKRIJGBAAR BIJ J. M. BELINFANTE, BOEKHANDELAAR.

No 26, BURGSTRAAT.

1877

Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal, 'n spraakkunsboekie van 29 bladsye deur S. J. du Toit (1876).

Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk. 'n historiese oorsig van Afrikaanse standpunt (1877).

Spel- en Leesboek vir Afrikaanse Kinders deur Oom Willem (J. W. van der Rijst) — 1878.

'n Belangrike uitgawe met baie propagandamateriaal is *Die Afrikaanse Almanak* (van 1877-1918, met twee onderbrekings) - hulle lewenstaai-
ste publikasie. Uit die volgende periode dateer *Die Patriot-Woordeboek* (Afrikaans-Engels, Engels-Afrikaans) — 1902.

Waar ons kon let op die prestasies van die G.R.A. is daar tog ook iets wat ons mis. Die aanvanklike bedoeling was om die volk taalbewus te maak en dan Pannevis se liefling swens van 'n Afrikaanse Bybelvertaling in vervulling te laat tree. Immers, op die stigtingsvergadering van 14 Aug. 1875 is die noodsaaklikheid van so'n vertaling tog beklemtoon en ds. S. J. du Toit het aan ds. Morgan berig, dat die G.R.A. hoop „die dag (is) nie meer ver af nie dat hulle hul met vrymoedigheid tot die Genootskap (B.B.B.G.) kan wend om ondersteuning vir die publikasie van 'n Afrikaanse Bybel.”

Ongedane
Werk.

Wat het hiervan geword?

Die G.R.A. het in 1876 hard gewerk om baan te maak, in 1877 het hul strewe geweldig verbreed deur die toetreding tot die politiek, en in 1878 is die koerant oorgemaak aan 'n nuwe besigheidsonderneming, die drukkersfirma D. F. du Toit en Kie., wat die swaar geldelike las van die skouers van die G.R.A. afgeneem het. Die taal het Afrikaans gebly, ook die rigting: bowendien het 'n G.R.A.-lid, D. F. du Toit (Oom Lokomotief) redakteur geword (1878-

1892) en 'n ander G.R.A.-lid, C. P. Hoogenhout, die letterkundige redakteur, ook tot 1892.

Van nou af (1878) tree *Die Patriot* op die voorgrond en die G.R.A. op die agtergrond. Hoofsaak is nou die politieke, ekonomiese en landboukundige aksie, minder die kulturele. Eintlik is sedert 1878 'n rigting ingeslaan wat die G.R.A. oorspronklik nie presies bedoel het nie. Daarom moet ons na 1878 met meer reg van 'n *Patriot*-strewende praat, wat in 'n beskeie sin die ou G.R.A.-strewende insluit en voortsit, veral deur die taalbeleid en die Afrikaanse publikasies.

Vergadering
van G.R.A.
in 1878.

Die jaar 1878 beteken dus 'n keerpunt. Dit val dadelik op dat die oorspronklike plan van 'n Bybelverafrikaansing tog nie goed tuishoort by 'n besigheidsonderneming soos ons pas beskryf het nie. Dit is die een groot taak wat nog vir die G.R.A. oorbly. S. J. du Toit het dit goed gesien toe hy net voor die vergadering aan C. P. Hoogenhout geskryf het: „(Met de Bijbelvertaling) zal het Genootschap herleven of naar het graf gaan.”

Die vergadering is belê om verslag te doen oor die oordrag van *Die Patriot* aan die nuwe drukkersmaatskappy. Toe is meteens besluit dat die G.R.A. self met die oorsetting van die Bybel moet voortgaan en dat uit die *oorspronklike tale* vertaal moet word.

Die aankondiging van die besluit in *Die Patriot* (1878) het sowel verset uitgelok as instemming verwek. Een persoon wou die saak steun deur 'n slag te gee. Maar behalwe die poging van Hoogenhout om Markus te vertaal uit die *Statebybel* en persklaar te maak (1878), het die besluit geen vrugte afgewerp nie.

Die G.R.A. as liggaam het trouens sy geesdrif voorlopig verloor, en van formele byeenkomste van lede verneem ons vir 'n lang ruk niks nie. Bowendien het die G.R.A. 'n groot teenslag ondervind toe ds.

S. J. du Toit in 1882 van die Pêrel vertrek het om sy pos as Direkteur van Onderwys in die vrye Transvaalse Republiek te aanvaar. Hy was 'n besielende krag en 'n entoesiastiese leier, die man wat planne kon maak en uitvoer, maar nou sal die G.R.A. sonder hom sy taak moet volbring.

Byna ses jaar na die belangrike vergadering sal die lede van die G.R.A. weer byeenkomste hou. Op 14 en 26 Januarie en 23 Februarie 1884 besluit hulle opnuut om met die vertaling 'n begin te maak en 'n werkende komitee daarmee te belas. Belangstelligdes is met die besluit o.a. deur 'n Ope Brief bekend gemaak en weereens het beloftes van geldelike steun vir die drukkoste ingestroom. Een persoon wou £1,000 voorskiet, 'n ander 'n verband op sy plaas neem; aan kontant is £57.15.6 ontvang.

Voortgesette
Arbeid aan
Bybel-
vertaling.

Die besieling is weer daar. Nou vergader die Genootskap meer gereeld. Ds. S. J. du Toit was in 1885 toevallig met besoek in die Paarl en woon die vergadering by. Hom word opgedra om die vertaling te doen maar weens ampspligte kon hy dit nie toe op hom neem nie. Hy het wel die hart daartoe gehad. So het hy vir die Here 'n belofte afgelê, dat as Hy hom tot op 'n seker bedrag seën, hy hom van alles sal onttrek en net aan die Bybelverafrikaansing sal wy. Ds. S. J. du Toit het wel dubbel die som in goudspekulasies gewen, maar ewentueel ook alles verloor.

Van nou af draai die Bybelvertaling hoofsaaklik om ds. S. J. du Toit. Na die vergadering het die gedagte al meer van hom besit geneem. In 1889 verskyn van sy hand 'n brosjure *Die Bybel in Afrikaans, Drie Proewe*.

In dieselfde jaar het hy bedank as Direkteur van Onderwys en keer terug na die Paarl. 'n Beroep as vaste leraar het hy nie weer aangeneem nie, maar

hom voortaan uitsluitlik aan die Bybelvertaling en joernalistiek gewy.

Van sy hand het in die loop van tyd die volgende verafrikaansings verskyn: in 1893 *Genesis* (136 blss.); in 1895 *Mattheus* (119 blss.); in 1898 *Openbaring* (88 blss.); in 1907 *Psalme* (293 blss.).

In sy godsdienstige tydskrif *Stemmen des Tijds* is verder afgedruk, in 1905 *Hooglied*; in 1908 *Handelinge* en *Markus*. *Lukas* bestaan nog in handskrif.

Werkmetode.

In die begin het belangstellendes (van 5 tot 17 in getal) Donderdagaande om 'n ronde tafel vergader, elkeen met een of ander teks of vertaling voor hom, en ds. Du Toit se voorvertaling (van *Genesis*) nagegaan en bespreek. Later (met *Mattheus*) het hulle dit eers bespreek en dan het ds. Du Toit vertaal. Dit het ook nodig geword om liewers op Sondaggaande byeen te kom. As 'n boek klaar is, word dit uitgegee en 'n eksemplaar aan elke predikant en teologiese professor vir kennisname en wenke gestuur. Ds. Du Toit sê: „Ons gee die manier van bewerking so noukeurig op, dat ons broeders van buite-af kan sien, dat ons nie ligvaardig te werk gaan nie.”

As 'n proewe van hul werk gee ons 'n aanhaling in moderne spelling.

PSALM 23.

1. 'n Psalm van Dawid. Jehowa is my Herder, my ontbreek niks nie.
2. Hy laat my lê in 'n wei van jeugdige gras; Hy lei my suutjies langs waters om te rus.
3. Hy versterk my siel; Hy lei my in paaie van geregtigheid om Sy naams wil.
4. Al gaan ek deur die kloof van doodskaduwee, ek vrees geen kwaad nie, want U is met my, U knopkierie en wandelstok vertrous my.

5. U dek 'n tafel voor my aangesig, voor die oog van my teenstander; U salf my hoof met olie, my beker is oorlopend vol.
6. Net goedheid en barmhartigheid sal my volg al my lewensdae; en my woning sal wees in Jehowa's huis vir lange dae.

Ons keer terug na die jaar 1889 en na die ander werksaamheid van ds. Du Toit. S. J. du Toit
hoofredakteur.

Sy bedrywigheid op die gebied van redaksionele arbeid aan godsdienstige en ander tydskrifte is verbasend groot en veeleisend, maar vir ons doel is voorlopig van belang sy hernude medewerking aan *Die Patriot* van 1890 af. S. J. du Toit het op stuk van politiek teenoor die Transvaal van sienswyse verander; en sy houding insake die Adendorff-trek na Mashonaland het in 1892 tot 'n lewenslange breuk met sy broer, Oom Lokomotief, en sy vriend, C. P. Hoogenhout gelei. Hulle twee het hulle geheel-en-al onttrek aan die *Patriot*, sodat S. J. du Toit van toe af (1892) as hoofredakteur die alleenseggenkap gehad het.

Die vorige jaar was ook die laaste vergadering van die G.R.A. tot 1895.

Nou het die blad onder ds. S. J. du Toit ook sy ondubbelsinnige nasionalisme verlaat. In velerlei opsig het dit dié houding selfs veroordeel. Daar deur het *Die Patriot* baie van sy getroue medewerkers en vriende met verloop van tyd verloor, maar desondanks was dit 'n groot mag in die land. Teenstand van
die Hollandse
Beweging.

Omrede die aanhang van *Die Patriot* het die voorvegters van Nederlands by ons besluit om die belange van die taal te bevorder deur die instelling van die Taalbondksamens (1891) en die oprigting van 'n tydskrif. J. H. H. de Waal se vader skryf in 1896 aan hom o.a. „U weet dat onze Afrikaansche partij behoorende aan de Taalbond een tijdschrift

gaat uitgeven, genaamd 'Ons Tijdschrift,' en dat 'Die Patriot' een oppositietijdschrift gaat uitgeven, genaamd 'Ons Klyntji,' en zeer goedkoop."

'n Terugkeer
na die
Ou Paaie.

Die planne van die Hollandse Taalbeweging het die groot behoefte van die Afrikaanse Beweging duidelik aan die lig gebring. *Die Patriot* is nou 'n gewone nuusblad sonder meer, hoewel dit begin het as 'n algemene Afrikaanse tydskrif vir die volk. Die behoefte aan 'n suiwer, nie-politieke tydskrif word sterk gevoel, ook deur ds. S. J. du Toit, en hierin moes voorsien word. Dit gebeur op die Taalkongres.

Die G.R.A. het weer in 1895 vergader, die eerste keer na die uittreding van die staatmakers Hoogenhout en Oom Lokomotief in 1892. Nou is die G.R.A. twintig jaar oud, en daar word besluit om die gebeurtenis te vier deur 'n groot taalkongres in die Pérel op 15—16 Jan. 1896 te hou.

By die honderd afgevaardigdes was teenwoordig. Baie en hartlike besprekings het plaasgevind, maar die belangrikste vir die geskiedenis van die Beweging was die besluit om 'n maandblad *Ons Klyntji* (naam deur prof. S. Postma of ds. J. L. Cachet gegee!) op te rig onder die redaksie van ds. S. J. du Toit, hygestaan deur ander.

Ons Klyntji —
'n Herlewing.

Die eerste nommer verskyn in Maart 1896. Dit is die begin van 'n ongekende oplewing, wat tot 1899 sal voortduur. Des te meer val dit op, omdat *Die Patriot*, wat die Jameson-inval kon verdedig, nou talle lesers verloor, nie om sy Afrikaans nie, maar om sy anti-Transvaalse politiek.

Die grootste verdienstes van *Ons Klyntji* is die opwekking en aankweking van leeslus en die aanmoediging van intekenare om self bydraes te stuur. D.G.R. vertel ons o.a.:

„My vrou, ek sien haar weinig lees,
Maar kom *hy* (nl. *Ons Klyntji*). ja, dis klaar
met Kees!

Vir haar moet ek dit gee.”

Oor die ondersteuning meld die redakteur, dat hy oorstroom word met verhale en gedigte. „Dit toon dat daar 'n nuwe gees ontwaak, nes in die dae van die *Patriot*.“

Die ondersteuning het toegeneem en voortgeduur tot 1899. Die groot verskeidenheid aan eenvoudige en populêre stukke van 'n opbouende en nie-politieke strekking moet dit tot 'n hoë mate verklaar. Veral verblydend moes die medewerking van C. P. Hoogenhout, G. R. von Wielligh, J. Lion Cachet en prof. S. Postma gewees het. Later tree ook M. H. Nesor en B. R. Buys toe.

Sommige van die vervolghverhale is in druk uitgegee. Tot die allerbeste behoort die breed-opgesette romantiese reisbekrywing *Die Koningin van Skeba* deur ds. S. J. du Toit (1898, die eerste werklik verdienstelike roman van die periode. Die twee verdere novelles van ds. J. Lion Cachet *Die Afgunsduiwel* en *Die Baasduiwel* het ook hierin verskyn (saam met die ander vyf van *Die Patriot* in 1907 uitgegee as *Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het*) sowel as *Jakob Platjie* deur Von Wielligh (in boekvorm uitgegee in 1918).

Die Tweede Vryheidsoorlog het die ou-nasionale politiek van S. J. du Toit in *Die Patriot* op sy kragtigste laat uitkom en die ondergang van die blad verseker. Dit het 'n kwynende bestaan gevoer tot 1904. Ook op *Ons Klyntji* het dit, deur ds. Du Toit se betrekkinge daarmee, 'n nadelige uitwerking gehad, wat deur die oorlogstoestande (ongereelde posverkeer, agterstallige intekeningsgelde) verswaar is. In 1906 het die belowende tydskriffie ook ondergegaan.

Ds. S. J. du Toit het opnuut probeer met 'n soortgelyke uitgawe onder 'n ander naam, t.w. *Ons Taal* (1907-1909, maar sonder sukses. Met die

„Pêrelspan" wou die Afrikaners niks meer te doen hê nie, en die Afrikaanse Beweging het nou ook ander leiers en ander ideale gehad, soos straks sal blyk.

Ds. Du Toit het ondertussen met die oorspronklike plan van die G.R.A. op eie houtjie voortgegaan, en in sy godsdienstige tydskrif *Stemmen des Tijds* het hy sy verlange van *Hooglied* (1905), *Handelinge* (1908) en *Markus* (1908) afgedruk. *Psalme* is in 1907 in boekvorm uitgegee. In 1911 is ds. S. J. du Toit oorlede.

Een *Patriot*-publikasie, *Die Afrikaanse Almanak* het nog bly verskyn tot 1918.

Die G.R.A. het opgehou om te bestaan as 'n liggaam, en een na die ander het die oorgeblewe lede van die Ou Garde heengegaan. Hul werk is deur die jongeres oorgeneem; 'n paar van die ywerigstes daaronder het hul eerste besieling vir die Afrikaanse kultuurgedagte juis by die Ou Garde gekry, soos dr. D. F. Malherbe en dr. J. D. du Toit (Totius), seun van die leier van die G.R.A.

Die G.R.A. was 'n eksperiment wat van moed getuig en pragtige vrugte afgewerp het, ondanks sy foute en mislukkings. Die Genootskap het die Afrikaanse Gedagte onder breë massas gebring en in menigerlei opsig die taak van die jongeres voorberei en vergemaklik. Die jongeres het in 'n wesentlike sin die oorspronklike program uitgevoer en dieselfde kernideale voorgestaan. Daarom praat sommige van één Afrikaanse Beweging, wat hom in twee tydperke afspeel.

Nou gaan ons die verloop van die Tweede Periode nog uitstippel.

HOOFSTUK IV.

DIE AGTERGROND VAN DIE NA-OORLOGSE TYDPERK.

(a) *In die Kaapkolonie.*

Die toestande het vir die Afrikaner in die Kaapkolonie na 1900 geweldig versleg. Deur die skoolinvloed sedert die wet van 1865 het dit reeds gewoonte geword vir opgevoede Afrikaners om met mekaar Engels te gebruik in briefwisseling en selfs in gesprekke. 'n Boerseun wat hom nie „torryrig” wil voordoen nie, moes die Boernooi in Engels in die openbaar aanspreek, tensy hy haar wil beledig. 'n Gocie aanduiding van die agteruitgang in die land bied hierdie sprekende statistiek. In 1901 was daar in die Kolonie 236 skole wat Hollandse onderwys aan 8,150 kinders gegee het, in 1902 154 skole met 4,416 kinders.

Toestande het
versleg.

Die toekoms was vir die Afrikaner so donker soos nog nooit van tevore nie. Van owerheidsweë is alles in die werk gestel om die gebruik van Hollands te ontmoedig en die Boerevolk los van sy tradisies en instellings te maak. Daarom word daar sedert 1900 in die geval van aanstellings in die staatsdiens en van skoolinspekteurs nie meer gevra na kennis van Hollands nie — die besit daarvan was eerder 'n na- as 'n voordeel.

Toekoms
donker.

(b) *In Transvaal en Vrystaat.*

In die twee worstelende Republieke het dit daar ook droewig uitgesien. Reeds voor die oorlog, toe Nederlands alleen die amptelike taal was, het Engels

al 'n houvas op baie burgers gehad, afgesien van die Uitlanders, en dit was veral die geval in die handelswêreld.

Kampskole.

Gedurende die oorlog is deur die Engelse in die besette gedeeltes aan die Boere alle taalregte ontnem. Mnr. E. B. Sargent, wat deur lord Milner as Direkteur van Onderwys vir die twee Republieke benoem is, het hom daarop toegelê om in die kampskole deur middel van die kinders die imperiale gedagtes by die volk ingang te laat vind. Geskikte onderwysers vir hierdie doel het hy uit Engeland en die Britse Kolonies ingevoer. Selfs het Sargent in 1903 aan Lord Milner geskryf :

Verengelsing
deur
onderwys.

„Ons moet 'n beroep doen op Engeland en die broers en susters van die manne wat vir die Ryk geveg het, hulle vra om oor te kom om dié deel van die werk te verrig wat hul manlike familieleden nie instaat was om te voltooi nie. Ons militêre operasies het ten gevolge gehad dat die grootste deel van die seuns tans in kampe is; en ek is oortuig dat ons geen beter geleentheid het as nou om hulle volgende jaar almal Engels te maak nie. Wat ons hier nou nodig het, is vroue, hoogs bekwame onderwyseresse, met 'n sterk vaderlandsliefde, wat bereid sal wees om hierheen te kom en die ontberinge van die kamp-
lewe te deurstaan om die kinders van die burgers ons ideale te onderwys. Leer die kinders langsamerhand ook ons groot imperiale ideale.”

Artikel 6.

Na beëindiging van die vyandelikhede word in Artikel 6 van die Vredestraktaat van Vereniging neergelê: “The Dutch language will be taught in Public Schools in die Transvaal and the Orange River Colony, where the parents of the children desire it, and will be allowed in courts of law when necessary for the better and more effectual administration of justice.”

Wat die skole betref, is dit duidelik dat die ingevoerde eentalige onderwysers nie in staat sou wees om aan die bepaling uitvoering te gee waar die ouers hulle op die artikel vir onderrig in Hollands aan hul kinders mag beroep nie.

Die Boerevolk het as geheel taamlik afsydig gestaan teenoor die talryke goeingerigte staatskole en dadelik C.N.O. (Christelik-Nationale Onderwys)-skole opgerig. Hierin was Nederlands die medium en naas die taal word ook landsgeskiedenis en die Bybel doseer. In Nederland en elders is duisende ponde ingesamel om die skole op vaste voet te stel, en die volk het hierdie onderneming kragtig aangehelp. Tog was die geldelike las vir die verarmde bevolking te swaar en daar is verstoë aan die owerhede gerig om tegemoetkoming. In die Vrystaat is die saak in 1905 gedeeltelik opgelos in die volgende terme: "English shall be the medium of instruction in schools, but the time devoted to the teaching of English and Dutch as language shall be the same." Hierdie oplossing het nie algehele bevrediging gegee nie, en in 1906 was daar van die 6,000 kinders nog 'n duisend in C.N.O.-skole. Met die verlening van Verantwoordelike Bestuur aan die twee gewese Republieke, word die medium- en taalkwessie volgens die parlementêre besluite gereël: in die Transvaal deur die Smuts-wet (1907), in die Vrystaat deur die Hertzog-wet (1908).

C.N.O.-skole.

Oplossing.

Nie net vir die skole nie, maar vir alle belangrike staatsbetrokkings is 'n skare eentalige „Milner"-manne ingevoer om die verowerde land te help regeer. Alle sleutelposte is deur hulle beklee.

Sleutelposte.

Waar die voorstanders van Afrikaans en Nederlands aanvallend teen Engels opgetree het, was dit weens die omstandigheid dat hulle uit hul vermeende regmatige plek geweer word, en nou stry hulle om

Gemeenskaplike stryd van Afrikaans en Nederlands.

dit te verower. Sover as dit die gees is, gaan die stryd vir Nederlands en Afrikaans dieselfde rigting op. Vir albei is Engels-eentaligheid onaanneemlik, is so'n toestand doodsgevaarlik.

Afrikaans teen
Nederlands.

Tog het Afrikaans nie die hoofstryd teen Engels te voer nie, maar wel teen Nederlands, wat hom feitlik alle bestaansreg as skryf- en kultuurtaal ontsê. Die voorstanders van Afrikaans wil nog sover as dit prakties is, aan Nederlands vashou, maar die persone wat verantwoordelik was vir die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (V.N.S.), was soos gif op Afrikaans, die taal, wat op hierdie kritieke nasionale tydstip sonder 'n hoogstaande letterkunde dit teen Engels nie kan volhou nie, soos hulle meen.

V.N.S.

Die voorstanders van die V.N.S., soos dr. W. J. Viljoen en prof. P. J. G. de Vos, wou met hierdie spelling Nederlands populêr maak in Suid-Afrika en daarmee Afrikaans verongeluk. Hulle is gesteun deur die Taalbond. In Holland het hulle in 1904 verlof gekry om die V.N.S. in Suid-Afrika toe te pas, en om verder burgerreg te verleen aan tipiese Afrikaanse idiome, wat egter vernederlands moet word, 'n produk dus wat vir die Afrikaanse oor net soveel 'n onding is as vir die Nederlandse gevoel.

Tog het die V.N.S. vinnig aanhangers gevind in die skool, op universiteit en in die staatskantore. Die Taalbond-eksamens het dit ook fluks aangehelp, boeke is in die spelling oorgeskryf en nuwe skoolboeke opgestel. Die vernaamste populariseerders van die spelling was Hollandse koerante soos *De Volkstem*. Die voorstanders van Nederlands in Suid-Afrika was bevrees dat hul werk ongedaan gemaak sal word as Afrikaans veld moet wen, en daarom het hulle Afrikaans so heftig bekamp, dit selfs 'n „patois” en 'n hotnotstaaltjie genoem. Hulle kon nie toelaat dat die band met Nederland verbreek word nie, want hulle wou die letterkundige skatte

van Nederland ook vir die Afrikaner behou. Dr. Viljoen het selfs so ver gegaan om te beweer dat die meeste Afrikaners besliste teenstanders is van die verheffing van Afrikaans tot skryftaal, en „zul- len in de keuze tussen Afrikaans en Engels onvoor- waardelijk de voorkeur geven aan het Engels.”

Dit is dus sonneklaar dat Afrikaans voorlopig die grootste teenstand te dugte het van die voor- standers van die V.N.S.

Ons kan die algemene taaltoestand ten opsigte van die Boerebevolking in hoofsaak as volg saamvat :

SAMEVATTING

Die SKRYFTAAL van 'n klein klompie is (a) **Skryftaal.** beskaafde Nederlands; maar 'n groot groep bedien hulle uit onbeholpenheid en onkunde van (b) 'n beroerde soort Nederlands wat nie anders as 'n onding bestempel kan word nie; en die gros Afri- kaners wat 'n redelike mate van skoolopvoeding geniet het, skrywe liewers (c) in Engels aan mekaar, aan besighedsplekke of koerant, want „my Dutch grammar is too rusty.”


As SPREEKTAAL is die verwarring eweneens **Spreektaal.** groot. (a) Die weinigste, daaronder die leiers van die Taalbondstrewes, *probeer* 'n suiwer Nederlands te praat. (b) Die grootste groep, as verteenwoor- digend van die middelklas, praat beskaafde Afri- kaans in die omgang, maar (c) by openbare geleenthede, soos by bidure, vergaderings, ens., trag hulle 'n vorm van Nederlands, wat aansluiting by die Bybeltaal soek, te besig. (d) Daar is ook 'n klomp, veral onder die jongeres wat graag in die mode wil wees, en wat 'n verbasterde Afrikaans, 'n taal deur- spek met Engels, aanwend: of (e) hierdie groep verkies eenvoudig Engels as spreektaal.

So wissel dit af van suiwer Afrikaans, oor 'n kruising daarvan met Nederlands of Engels, tot suiwer Nederlands of Engels.

Redding.

'n Klompie intellektueles meen dat die redding uit die gewisse ondergang van die Afrikaners as aparte eenheid net moontlik is deur hul eie, daaglikse omgangstaal te veredel en in die plek van Nederlands geplaas te kry. Dit is hul doel en dit bepaal hul metode van stryd. Ons kan dit in vier tydperke afbaken.

1. Die Koerante ywer vir Afrikaans.
2. Vereniginge ywer vir Afrikaans.
3. Afrikaans ontvang gesagserkenning.
4. Toepassing en Uitlewing van die taalregte.




G. R. VON WIELLIGH.



Ds. W. POSTMA.



G. S. PRELLER.



ADV. J. H. H. DE WAAL.

HOOFSTUK V.

DIE SUID-AFRIKAANS-HOLLANDSE JOERNALISTIEK EN AFRIKAANS.

Die eerste belangrike steun aan die Afrikaanse taalstrewende van 'n paar intellektueles sal van die kant van die joernaliste kom, en wel deur pleidooie in Nederlands of artikels in Afrikaans of albei.

a) *In Kaapland.*

Die eerste in die weer is adv. J. H. H. de Waal. In 1903 werd hy aangestel as redakteur van die pasopgerigte tydskrif *De Goede Hoop* en op twee maniere sal hy in hierdie tydskrif die Afrikaanse taalsaak behartig. Vereers deur die aanmoediging van bydraes, ook in Afrikaans en deur self te skrywe, wanneer nodig. So is daar in die eerste nommer (Julie 1903) reeds verskeie stukke in die volkstaal, en in geen enkel nommer sal Afrikaans ontbreek nie. Die behoefte aan spannende leesstof bring hom daartoe om as vervolgverhaal in *De Goede Hoop* die histories-romantiese roman *Johannes van Wyk* te publiseer. Dit is in 1906 in boekvorm uitgegee, en in dieselfde jaar verskyn 'n ander romanties-historiese boek: *Koen Vermaak*, deur Gawie Otto.

Die tweede manier waarop De Waal die Afrikaanse taalsaak gedien het in sy maandblad, is deur leiding en voorligting. 'n Groot moeilikheid was 'n gestandaardiseerde spelling. De Waal het as algemene stelling neergelê: „Spel volgens die uitspraak,

maar wyk nie onnodig van die Hoog-Hollandse spelreëls af nie."

Die voorstanders van die V.N.S. het De Waal kwaai beveg, maar sy stryd was 'n mocilike, en hy het feitlik alleen gestaan. Maar nieteenstaande teenstand het *De Goede Hoop* onder De Waal se leiding in krag toegeneem en hy het die Afrikaanse taalsaak trou gedien tot 1914 toe hy afgetree het as redakteur.

(b) *In die Vrystaat.*

In die twee gewese Republieke het juis die Hollandse koerante voorbereidingswerk gedoen vir die eventuele georganiseerde optrede, en dit veel aktiewer gesteun as in die Suide dit die geval was.

De Vriend.

In die Vrystaat was Johannes Visscher die redakteur van die Hollandse deel van *The Friend*. Vroeg al het hy tot die oortuiging gekom dat die toekoms aan Afrikaans behoort, en hy het gereeld Afrikaanse stukke in sy blad geplaas, veral nadat *De Vriend* sedert 3 Okt. 1905 as 'n aparte suiwer Hollandse blad verskyn het. Om Afrikaanse stukke aan te moedig, het hy boekpryse uitgelooft. Op 7 Julie 1905 skryf Visscher sy eerste Afrikaanse inleidingsartikel „om in die eerste plaas te wys dat ons Afrikaans nie beskou as 'n kombuistaal nie." Hy het ook verwerkinge van Nederlandse gedigte gepubliseer, en een daarvan: *Hul sal dit tog nie kry nie.* was vinnig op pad om 'n volkslied te word.

Johannes
Visscher.

Ds. W. Postma

Die vernaamste steunpilaar van die redakteur van *De Vriend* was ds. Willem Postma, die siel van die C.N.O.- en Afrikaanse Beweging in die Vrystaat. Reeds in 1903 het hy 'n reeks artikels opgestel wat twee jaar later in *De Vriend* gepubliseer is, en wat ons kan beskou as die Manifest van die beweging in die Vrystaat. Dit is 'n egte juweeltjie in ons propagandistiese literatuur. Treffend is die spontaniteit van gevoel en segging, die goedigheid van

'n simpatieke heelmeester wat hoop het vir die toekoms. „Dit is vir my 'n eer en 'n behoefte van my hart om die pen vir die taal van my moeder op te neem, ja, om desnoods daarvoor te stry,” begin hy. Die wortel van die kwaad sien hy daarin dat die Afrikaner skaam is om sy taal te praat. „Laat ons Afrikaans praat en skrywe,” sê hy, en die stryd vir die erkenning van Afrikaans is gewen.

Ds. Postma wou ook vir leesstof sorg en daarom begin hy as dr. O'Kulis *Oogdruppels* aan te maak vir alle nasionale (politieke, kulturele, opvoedkundige en godsdienstige) „oogsiektes,” wat die volk blind maak of skeef laat sien. Hierin gesels hy oor volksgebreke op so'n pakkend-onderhoudende en belangstellende doktersmanier, dat korrespondente herhaaldelik nuwe resepte vra of ongevraagde getuigskrifte instuur.

Die Vrystaat was ryp vir die Afrikaanse beweging en Visscher en Postma het dit met oortuiging en wyse beleid gestuur.

(c) *In Natal.*

Die artikels van ds. Postma oor Afrikaans is ook in *De Afrikaner* van Pietermaritzburg tydens die redakteurskap van J. S. M. Rabie, oorgedruk. J. S. M. Rabie
Hy was 'n oortuigde voorstander van Afrikaans en verklaar dan ook in sy koerant in 1905: „Onze toekomst is Afrikaans of *niets*.” Hy loof weekliks 'n geldprys uit vir die beste bydrae in Afrikaans of Hollands, en op dié wyse het hy baie Afrikaanse verhale gekry. Die volgende stap is om Afrikaans in die inleidingskolomme te gebruik, en daarmee hou Rabie vir ses weke vol totdat daar beswaar hierteen gemaak word.

In Natal is die toestand teen 1906 dan so: Die Hollandse koerant steun die Afrikaanse beweging so ver as moontlik, maar weens die klein Boerebe-

volking, moes teen verdeeldheid gewaak word, sodat die besliste optrede na 'n mislukte probeerslag verders onwenslik beskou is: die volk moet eers tot die Afrikaanse sienswyse met mooiigheid opgevoed word, wat die rede is waarom in *De Afrikaner* gedurigdeur propagandistiese en suiwer belletristiese Afrikaanse lektuur opgeneem is. Behalwe dit, is die beweging in Natal morsdood.

(d) *In Transvaal.*

De Volkstem. Anders was dit in Transvaal gesteld. Daar was die vernaamste koerant, *De Volkstem*, wat kragtig opgetree het ten gunste van Afrikaans.

Onze Jan :
Is 't ons
Ernst ?

Die stoot word gegee deur die toespraak van Onze Jan (J. H. Hofmeyr) in Maart 1905 voor die Stellenbosse studentevereniging „Ons Spreekuur,” waar hy die vraag stel: „Is het ons Ernst?” Dit het betrekking op die handhawing van die moedertaal, waaronder hy Nederlands verstaan, en die betreuenerswaardige taaltoestand in die staatskantore, in die kerk en in die skool.

Preller : Laat
't ons tech
Ernst wezen !

Op hierdie vraag antwoord Gustav Preller in *De Volkstem* in vyftien agtereenvolgende artikels vanaf April 1905 onder die kopstuk: *Laat 't ons toch Ernst wezen!* Die ondertitel later, toe dit as pamflet uitgegee is, lui: *Gedachten over de aanvaarding en Afrikaanse Schrijftaal.*

Manifes.

Die artikelreeks in brosjurevorm uitgegee, het baie opspraak verwek, en is tereg genoem die „Manifes” van die Tweede Tydperk van die Afrikaanse Beweging. Preller bepleit hierin die Afrikaanse taalsaak op kragtige wyse, en wys hoe die bestaan daarvan moet geregverdig word. Sy drie vernaamste stellings is:

1. „De taal die in een land leeft, die in het volk wortelt, heeft in dat land en onder dat volk de meeste kans op voortbestaan, en laat zich niet uit-

roeien dan met die uitroeiing van het volk waarin ze leeft”

2. „... . . Onze schryftaal verschild zover van onze spreektaal (lees: Afrikaans), dat de gros der Afrikaners het geschrevene slechts met moeite verstaan en het zelf nagenoeg nooit schrijven,” en hierna volg as 'n afleiding die ander stelling:

3. „Daarom heeft Afrikaans in Zuid-Afrika de grootste en beste kans op voortbestaan. Daarom behoort zich onze schryftaal te regelen naar onze spreektaal.”

Vir die orige voer hy hoofsaaklik bewysgronde aan om die bogaande stellinge duidelik te maak en om die derde beter te motiveer. Hy wil as skryftaal Afrikaans hê wat „gezond leeft” in ons volk, maar dan nie in die *Patriot*-spelling nie, nee, dit moet so na aan die V.N.S. kom as dit prakties moontlik is. En daarmee kom hy by sy leuse wat ver buitekant die Transvaalse grense weerklink gevind het: „Als overgangsmatregel, totdat het Afrikaans algemeen geschreven wordt, omschrijven we onze gedragslijn: Afrikaans schrijven en spreken, Hollands leren, albei lezen.”

Hierdie uitensetting, wat nog geen al te duidelik uitgewerkte program van aksie bevat het nie, het tog so oortuigend en warm geklink dat die eendersdenkendes in Preller 'n leier meen te sien. In baie briewe wat hy nou kry, sê hy kort daarop in 'n artikel dat daar aangedring word op 'n byeenkoms waarop hulle 'n Afrikaanse Taalgenootskap kan stig. **A.T.G.** Dan kan die saak verder bespreek, die spelling gereël en propaganda gemaak word „met woord en daad.” Daarom doen hy 'n beroep op belangstellendes om aan hom hul opvatting voor 1 September 1905 bekend te maak, dan kan die stigting van so'n Genootskap oorweeg word.

Preller het nou 'n prysvraag vir die beste Afrikaanse storie uitgeskryf en 98 opstelle ontvang, byna almal in Afrikaans. In *De Volkstem*, waarvan Preller toe onder-redakteur was, verskyn verder gereeld stukke in en oor Afrikaans, en as daar iewers 'n wanklank gehoor word, probeer hy die saak in die reïne te bring met wetenskaplike bewyse. Onder die stukke wat met 'n propagandistiese by-oogmerk geplaas is, moet gereken word die skone gedig van Eugène Marais: *Winternag*. Met hierdie innige natuursang van verlatenheid begin die eintlike Afrikaanse digkuns in sy enger betekenis:

O koud is die windjie
 en skraal.
 En blink in die dof-
 lig en kaal,
 so wyd as die Heer se genade,
 lê die velde in sterlig en skade
 En hoog in die rande,
 versprei in die brande,
 is die grassaad aan roere
 soos winkende hande.

O treurig die wysie
 op die ooswind se maat,
 soos die lied van 'n meisie
 in haar liefde verlaat.
 In elk' grashalm se vou
 blink 'n druppel van dou,
 en vinnig verbleek dit
 tot ryp in die kou!

SAMEVATTING.

As ons die voorgaande saamvat, dan blyk dit dat die Hollandse joernalistiek tot 1905, 1906 in die drie kolonies, die Transvaal, die Vrystaat en Natal,

'n uiters belangrike rol gespeel het om die Afrikaanse taalsaak onder die aandag van die publiek op oortuigende wyse te bring en die weg vir georganiseerde optrede te baan. Hierdie beywering vir Afrikaans het byna gelyktydig maar aanvanklik onafhanklik van mekaar begin in die Transvaal en in die Vrystaat; in Natal het die vonkie wat van Bloemfontein oorgewaai het, vinnig in vlam geslaan, maar het gou doodgesmoor. In die Kaapkolonie is die stryd vroeër as in die ander kolonies aangeknoop, maar die kragte is versnipper in die spellingstryd, sodat die wekstem van adv. De Waal daardeur oordreun is, terwyl hy ook andersins in sy optrede gestrem is.

HOOFTUK VI.

VERENIGINGE EN AFRIKAANS.

Die braakwerk vir Afrikaans is gedoen deur die genoemde koerante onder leiding van 'n paar joernaliste, totdat dit omstreeks 1906 nodig geword het om die kragte van belangstellendes saam te trek in aktiewe organisasies vir sterker optrede en oortuiging. Die gros van die bevolking tog moet oorgehaal word om die planne te steun, want uiteindelik is dit 'n stryd vir hulle, vir die hele volk; en sonder hul medewerking is alles tevergeefs. Die eerste taak van die verenigings sal dus wees om die onverskilliges, die ongelowiges, of die vrandiggesinde menigtes te oortuig van die nood en die weg tot waaragtige volksbestemming aan te wys.

(a) *Die A.T.G. in die Noorde.*

Die pleitredes van Preller en ds. Postma het soveel instemming gevind dat besluit is om bevriende persone vir eendragtige optrede in een georganiseerde liggaam saam te bring. In Pretoria en Bloemfontein is dadelik voorlopige komitees benoem om met die oog hierop reëlings te tref. Op 13 Des. 1905 het 'n dertigtal belangstellendes in Pretoria bymekaar gekom en onder voorsitterskap van dr. N. M. Hoogenhout is daar eenparig besluit om die Afrikaanse Taalgenootskap (A.T.G.) op te rig. As hestuur is gekies: Dr. Hoogenhout, A. J. van der Walt, Johs. Visscher, Adv. N. de Wet, F. P. Nicholson, G. S. Preller en Izak van Heerden (Vaalzwaer).

13 Des. 1905.

Die drieledig-gestelde doel was :

Doel.

1. Afrikaners te oortuig dat Afrikaans ons taal is, en dat dit deur Afrikaners as hul spreek- en skryftaal behoort gebruik te word.

2. Ontwikkeling van die Afrikaanse taal in suiwere vorm.

3. Aankweking en ontwikkeling van 'n suiwer Afrikaanse nasionaliteitsgevoel.

Hierdie doel moet bereik word hoofsaaklik deur persoonlike oortuigingswerk, stigting van takke om in dié plekke die ideaal voort te plant, deur vir lektuur te sorg ('n tydskrif uit te gee, goeie en goedkope Afrikaanse boeke op die mark te bring), deur prysvrae uit te skryf of pryse vir aanmoediging aan Afrikaanse skrywers toe te ken en deur Nederlands op skool sover as moontlik te help bevorder. Middelle.

Dit blyk hoedat daar vereers nog net geywer word vir die erkenning, aanvaarding en handhawing van Afrikaans as spreektaal en vir die opbouing van 'n Afrikaanse letterkunde. Eers op 31 Mei 1910, dus op Uniedag, het *Die Brandwag* sy verskyning kon maak.

In Potchefstroom is 'n tak gestig en in Februarie 1906 ook een op Bloemfontein. Die beweging in die Vrystaat het egter geen lewenskrag openbaar nie en spoedig doodgekwyn. Vrystaat.

Die krag van die A.T.G. het in Pretoria alleen gelê. Deur toneelopvoerings is aan die publiek geleentheid gegee om kennis te neem van die doeltreffendheid van die spreektaal op dié gebied; daar is selfs 'n Afrikaans-Hollandse Toneelvereniging onder leiding van Preller gestig, wat stukke ook buitekant Pretoria op die planke gebring het. Preller het self stukke in Afrikaans omgewerk soos *Piet s'n Tante* en *Erasmus s'n Erfgename*. Toneel-opvoerings.

Die grootste verdienste van die A.T.G. lê in die stoot wat dit gegee het vir die oprigting van *Die Brandwag* Die Brandwag

Brandwag, 'n veertiendaagse tydskrif, wat voortbestaan het tot 1922 — vanaf 1915 as maandblad. Dit het uitstekende dienste aan die beweging oor die hele Suid-Afrika bewys, want in hierdie tydskrif kon 'n mens die pols van die Afrikaanse beweging deurgaans voel klop. Dit het natuurlik heelwat propagandistiese en polemiese lektuur bevat, maar die oes aan kortverhale en ander letterkundige werk van hoogstaande aard moes veral verblydend vir die yweraars gewees het. Baie van hierdie tydskrifbydraers het later in boekvorm verskyn. Daar is ook ernstig gepoog om literêr-historiese en ander geskiedkundige feite aan die vergetelheid te ontruk.

(b) *Die A.T.G. in die Suide.*

Preller het dadelik vir De Waal aangespoor om 'n tak van die A.T.G. in Kaapstad te stig, maar die tyd was nog nie ryp daarvoor nie, en die stryd teen die Taalbondmanne was in volle gang. Versterking daag vir De Waal op deur die toetrede van verskillende geleerde jong Afrikaners, van wie die vernaamste was dr. D. F. Malherbe, wat in Julie 1906 uit Duitsland teruggekeer het na voltooide studie.

Lesings van
Dr. Malherbe
en Dr. Viljoen.

In Oktober 1906 hou dr. Malherbe 'n lesing in Wellington voor 'n geesdriftige gehoor oor: „Is Afrikaans 'n dialek?” Hierdie toespraak het heeltemal 'n beroering gebring en teenstand breek los. Prof. Viljoen wou die ontluikende beweging die „nekslag toedien” deur kort daarop dieselfde dorp 'n lesing te hou oor „Wat is nu eigenlijk onze Taal?” maar dit was reeds te laat.

Stigting van
A.T.V.

Na voorbereidingswerk deur 'n Voorlopige Kommissie, stig 'n klomp vurige jong Afrikaners op 3 November 1906 in Kaapstad die Afrikaanse Taalvereniging (A.T.V.). Tot bestuurslede is manne

gekies soos J. H. de Waal, drs. D. F. Malherbe, A. I. Perold en D. F. Malan.

Die hoofdoel van die A.T.V. was „om die ^{Doel.} gebruik van suwer Afrikaans as spreek- sowel as skryftaal aan te moedig om meer liefde en waardering by ons volk daarvoor op te wek.” Oortuigingswerk deur persoonlike kontak en deur lektuur en saamwerking met verenigings wat Nederlands bevorder, is onder die hoofmidade. Belangrik is die punte: „'n strenge wetsbepaling te verkry dat niemand tot die siviele diens sal toegelaat word nie, tensy hy 'n redelike kennis van Hollands best” en „die gebruik van Hollands as offisiële taal deur afdelings-, munisipaliteitsrade, ens. as wettig erkend te kry.” ^{Midade.}

Die A.T.V. gaan dus direk verder in sy openlike program as die A.T.G. en mik nie net op publieke erkenning van die volkstaal (naas Nederlands) nie, maar ook op gedeeltelike gesagserkenning, selfs sonder algemene publieke sanksie.

Die Vereniging het sy ideale gedurig voor die aandag van die publiek gehou, veral deur middel van die vaste rubriek wat hulle onder redaksie van adv. De Waal in *Ons Land* gehad het. Orals in die land is nuwe takke gestig, sodat die invloed nie net tot ^{Takke.} Kaapstad beperk gebly het nie. Die jaar 1907 was een van aktiewe uitbreiding: op Wellington, Paarl, Stellenbosch, Malmesbury, Montagu, Middelburg, Carnarvon, Prins-Albert, Burgersdorp en Steynsburg is takke gestig, sowel as buite Kaapland, bv. op Johannesburg, Potchefstroom, Bethlehem en Bloemfontein.

In Bloemfontein was die A.T.G. dood, maar na ^{Vrystaat.} die stigting van die A.T.V. in Kaapstad het *De Vriend* weer vuur gemaak en op 4 Des. 1906 het 'n groot vergadering onder voorsitterskap van genl.

Hertzog besluit om 'n vereniging te stig op dieselfde grondslag as die A.T.V. Ds. W. Postma het 'n kragtige redevoering gehou oor Afrikaans wat „'n lewende taal" is. Op die bestuur het gedien, behalwe genl. Hertzog en ds. Postma, ook prof. A. Francken, J. S. M. Rabie en Oom Lokomotief. Die ou naam van die A.T.G. is egter behou.

Kongresse.

Die A.T.V. het dus veel meer sukses in sy uitbreiding gehad as die A.T.G. Die jaarlikse kongresse was soos 'n kragtasie, en reeds op die eerste kongres 1907 is besluit om uniforme Afrikaanse spelreëls op te stel, en aan die volgende kongres (1908) is verslag gedoen, wat die spellingkwessie in die hoofpunte opgelos het. Hierdie spelreëls het later vir die Akademie as leidraad gedien.

Teenstand.

Maar al die tyd word die felste teenstand teen die Afrikaanse beweging openbaar; skool- en universiteitsdosente meng hulle veral sterk hierin, maar ook leke-opinies vul baie ruimte in die nuusblad-kolomme. Die argumente is byna almal ou bekendes. Van algemene oorwegings soos om geen tweedrag te saai nie, om die kulturele bande met Nederland nie deur te knip nie, loop dit oor tot verkleinerings, soos Afrikaans is 'n kombuis- of Hotnotstaal, 'n „patois," 'n dialek, dit is arm aan woorde en het geen grammatika nie; dit is verder ongeskik om as voertuig vir die hoër geesteslewe te dien. Daarby sal dit die volk laat ontaard, aangesien dit nie Bybel- en literatuurtaal is en geen offisiële erkenning geniet nie.

Digbundels.

Baie van hierdie argumente val langsamerhand die een na die ander weg. 'n Groeiende aantal belletristiese werk kom die beweging morele steun verleen. So verskyn daar in 1908 die digbundels *By die Monument* van Totius, en *Die Vlakte en ander Gedigte* van Jan Celliers.

'n Ander bewys dat die besware langamerhand ^{Toenadering.} wegval en daar 'n juister begrip van die nasionale strewe van die Afrikaanse beweging opkom, is die meer versoenende houding van die kant van die V.N.S. In Desember 1907 maak prof. Viljoen op die Hollandse Taalkongres in die Paarl 'n toenaderingsvoorstel, waarvan die uitvlocisel 'n konferensie was tussen die twee partye met die eindbesluit om 'n verneigde front te wys — die voorbode van die Akademiestigting. Terwyl hierdie lewenstekens hulle in die Suide gaandeweg oortuigender openbaar, groei die beweging eindelik ook in die Vrystaat in 'n gesonder loot.

(c) *Onze Taal in Bloemfontein.*

Die A.T.G. wat in Desember 1906 vir die tweede keer in Bloemfontein gestig is, het weer geen lewenskrag geopenbaar nie, en het in November 1908 opgegaan in die vereniging *Onze Taal* as 'n onderafdeling daarvan.

Hoewel die A.T.G. in Bloemfontein nie wou aard nie, sal hierdie stad vir 'n paar jaar 'n baie belangrike rol in die taalstryd speel. Op die dorre jaar 1906 volg 'n paar vrugbare jare.

Daar is vereers die strewe van die voorman, ^{Ds. W. Postma} ds. W. Postma. Toe die A.T.G. gekwyn het, het hy hom beywer om 'n Bond van Vrystaatse Debatsverenigings in die lewe te roep, wat ook plaasvind in Julie 1907. As amptelike taal het hulle „Hollands-Afrikaans” aangeneem, dus twee tale. In 1908 het hul tydskrif *Jong Zuid-Afrika* verskyn, maar nie lank staande gebly nie. In 1913 het die Bond 700 lede getel.

'n Ander groot mag in die Vrystaatse taalstryd ^{Genl. Hertzog} was genl. Hertzog. In 1907 is aan die Vrystaat Verantwoordelike Bestuur toegeken en artikel 36 van die statuut erken die tweetaligheidsbeginsel vol-

ledig behoudens 'n ondergeskikte puntjie. Genl. Hertzog as Minister van Onderwys stel toe 'n nuwe Onderwyswet op wat die dubbelmedium verpligtend maak. Dit het dadelik verset uitgelok by sentalig-Engelse onderwysers en Engelse ouers, en drie inspekteurs moes afgedank word omdat hulle die wet wou verongeluk. Een van hulle het 'n lasteraksie teen die Minister ingestel, maar die Vrystaters het gou oor die £2.000 ingesamel om die hofkoste te bestry, en soveel geld is oorgehou dat dit later aan die Akademie geskenk is om die beste letterkundige werk in Afrikaans met 'n geldprys van omstreeks £70 jaarliks, bekend as die Hertzogprys, te bekroon.

O.V.V.

Ook die vrouens in die Vrystaat het nasionaal-bewus geraak. Onder voorsitterskap van mevr. pres. Steyn het die vroueverenigings van die Vrystaat in Februarie 1908 besluit om een groot organisasie te stig, die Oranje-Vrouevereniging, met die doel om te werk vir alles wat die godsdienstige, sedelike en stoflike verheffing van die volk, veral die jeug, betref, en een van die middels hiertoe is: „Door het vervullen met liefde en eerbied voor de Hollandse taal”

Onze Taal.

Daar is nog die jong voorman, dr. G. Knothe, op wie se inisiatief in Augustus 1908 in Bloemfontein 'n vergadering byeengeroep is „om een vereniging te stichten die de Hollandssprekende Bloemfonteiners nauwer aan elkaar zal verbinden en een krachtig middel zal moeten worden tot bevordering en uitbreiding van de Hollandse (verstaan Nederlandse en Afrikaanse) taal.”

Hierdie vereniging *Onze Taal*, wat 'n maand later gestig is, sal trag om sy doel te bereik, deur maandelikse vergaderinge en deur toncelopvoeringe. Lesings is gehou oor allerhande nuttige onderwerpe deur geleerdes van naam. Tonceelstukke is opgevoer

soos *Di Neef als Oom*, 'n verafrikaansing uit Duits deur adv. D. G. Conradie, *Susanna Reyniers* van A. Francken, en soveel geld is ingesamel dat Onze Taal 'n boekery en 'n klavier kon aankoop, en kon help met die oprigting van 'n Afrikaanse koffiehuis. Besluite wat deur die vereniging geneem is, het soms in die raadsale van die Provinsie weerklank gevind. Kunswedstryde is georganiseer en kunsreise, soos van Modest Lauwerijs, is gereël. Van al die taalverenigings wat voor 1910 gestig is, het Onze Taal, van 1912 af Ons Taal, die grootste lewenstaaiheid aan die dag gelê: dit het voortbestaan tot 1933.

(d) *Die Akademie.*

Onze Taal van 1908 het die bewys gebring hoe Nederlands en Afrikaans mekaar nie hoef te beveg nie, maar mekaar wedersyds kan aanvul en langs mekaar vreedsaam en nuttig kan voortlewe, totdat die tyd dinge op natuurlike wyse sal reël.

Ons het reeds gesien hoe teen die uitgang van die jaar die gevoel van verbroedering hom ook in die Suide openbaar gemaak het in die V.N.S.-kamp sowel as by die A.T.V. Daar is onderhandel tussen die twee groepe, en op die jaarkongres van die A.T.V. in Kaapstad (Des. 1908) is die uitkoms van die onderhandeling gerapporteer en is die behoefte kenbaar gemaak aan 'n „Akademie,” 'n nuwe sentrale, gesaghebbende liggaam oor taalsake. Verbroedering

Ondertussen het Onze Taal begin roer met ds. Postma aan die spits. Sy gedagte was 'n groot sentrale liggaam met gesag, gekies uit al die Verenigings, en nie die stigting van 'n nuwe vereniging of liggaam nie. Maar aan die ander kant wen die gedagte van die Taalbond en die A.T.V. veld. Dit kom nou van die voormanne op politieke gebied wat besig is met beraadslagings vir 'n Unie van Suid-Afrika. Met die oog op die vestiging van ons taal- Twee planno.

belange en om dit in die nuwe grondwet vasgelê te kry, sou 'n verenigde front die leiers baie help. So het pres. Steyn, genl. Hertzog en Onze Jan na aanleiding van die voorstel van die Taalbond en die A.T.V. aan die hand gedoen om 'n konferensie van belangstellendes in die Hollandse taal in Kaapstad byeen te roep. Dit het gebeur in Jan. 1909 toe besluit is op voorstel van genl. Hertzog om 'n liggaam in die lewe te roep tot bevordering van die Hollandse taal en letterkunde in Suid-Afrika. Om uitvoering hieraan te gee, is 'n breë kommissie benoem.

Kongres 1909.

Die organisasie i.v.m. die kongres is aan Onze Taal opgedra, en die kongres is dan op 1 en 2 Julie 1909 op Bloemfontein gehou. Daar is twee moontlikhede bepleit, eerstens, die van 'n algemene, breë liggaam, waarin alle verenigings kon ingesluit word (die standpunt van ds. W. Postma en Onze Taal) en tweedens was daar die opvatting van dr. Viljoen en die subkomitee op die statute, nl. van 'n klein liggaam van „uitverkorenes,” van persone wat om suiwer kulturele, taal- en letterkundige verdienstes as lede herkiesbaar is en gesaghebbende leiding kan gee aan die taalstrewers van die volk.

Die tweede moontlikheid het geseëvier en daarvolgens is toe 'n Akademie gestig met dertig lede uit 'n volle moontlike getal van vyftig.

Doel.

Sy doelstelling lui: „de handhaving en bevordering van de Hollandse Taal en Letteren en van de Zuid-Afrikaanse Geschiedenis, Oudheidkunde en Kunst. Onder 't woord „Hollands” wordt verstaan: de beide taalvormen gebruikelijk in Zuid-Afrika.” Die middele bevat punte oor lektuurvoorsiening en die verspreiding, aanmoediging van skrywers deur geldpryse (Hertzog-prys) en die uitgee van verdienstelike werke, die verbreiding van kennis van Hollands en Suid-Afrikaanse geskiedenis

Middele.

deur eksamens, handhawing van die tweetaligheidsbeginsel en algemene openbare eksamens, ens.

Die groot betekenis van die stap lê voorlopig daarin dat daar versoening teweeggebring is tussen die twee taalpartye. Maar afgesien van die erkenning van Afrikaans het die Afrikaanse beweging aanvanklik nie veel aktueels gewen nie. Baie lede het nog geen ware simpatie met die Afrikaanse rigting gehad nie. Betekenis.

Eers met die erkenning van Afrikaans as skoolmedium deur die provinsiale rade in 1914 (Natal uitgesluit), begin die Akademie hom helderder van sy roeping bewys te word. Die netelige spellingkwessie word aangepak, in 1915 word die voorgestelde reëls goedgekeur en uitgegee en in die uitgawes van die *Afrikaanse Woordelys* (1918, 1921, 1931 en 1937) toegepas. Die bevredigende reëling hiervan is die hlywende verdienste van die Akademie. Spellingkwessie gereël.

Verder word die Hertzogprys jaarliks deur die Akademie toegeken. Die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*. 'n hoogstaande kwartaalblad was in 1922 deur prof. D. F. Malherbe in die lewe geroep is, is finansieel gesteun. Tans is die *Tydskrif* as halfjaarlikse uitgawe onder Akademie-beheer. Oor taal-aangeleenthede het die Akademie aan die Afrikaanse Bybelvertalers voortreflike dienste bewys. T.W.K.

(e) *Studentebewegings.*

Die gees van samewerking wat die Akademie-stigting tot gevolg gehad het, openbaar hom ook by die studente. „Wij zullen handhaven” is dan die leuse van die jong kragte wat hulle organiseer in verenigings, bestuur deur die „Studenten Werda Komitee” met 'n naam wat aan oorlog herinner; ook die oproep lui: „Studente kom en laat ons krygsraad hou en ons aangord tot die stryd!” (N. J. v. d. Merwe). Studenten-Werda-komitee.

Die beweging tot so'n uniale studentetaalkonferensie het uitgegaan van die A.T.V. op Stellenbosch en Ons Spreekuur. Op 6 en 7 April 1911 het verteenwoordigers van universiteits- en normaalkolleges en skole uit alle dele van Suid-Afrika in Stellenbosch saamgekom, sodat die C.J.V.-saal stampvol afgevaardigdes en belangstellendes was.

A.S.T.V.

D. B. Bosman, die afgevaardigde van die Grey-Universiteitskollege (nou U.K.O.V.S.), steek die vuur in Bloemfontein onder die studente aan die brand, en hier word dan in Oktober 1911 'n ywerige A.S.T.V. (Afrikaanse Studente-Taalvereniging) gestig, wat lank gebloei het, totdat dit in die A.S.B. (Afrikaanse Studentebond) opgegaan het in 1916.

Hier begin dan 'n nuwe volkslaag, die studerende jeug, die onbetwisbare bewys lewer van sy waaragtige ontwakende erns om die moedertaal, en wel in hoofsaak in die Afrikaanse vorm, as sodanig onomwonde te erken en te handhaaf. In die loop van die volgende paar jaar sal die studente hul stem al helderder laat hoor en hulle al doeltreffender in gelid samesluit totdat hul wense op taalgebied eerbiedig word. 'n Menigte toegewings sal hul verkry en ook studenteblaaie oprig bv. *Ons Moedertaal* in die Suide en *Die Banier* in die Noorde).

Samevatting.

As ons die vorige punte samevat, dan blyk dit hoedat die enkelinge wat in die verskillende kolonies geroep het, verwante geeste in die taalstrewende verenigings saamgetrek en op dié weg die openbare mening opgevoed het om die weg tot die behoud van die Dietse kultuur in Suid-Afrika raak te sien. Die onderlinge stryd is gestaak in die Akademiëstigting, en die studerende jeug skaar hulle aan die kant van die taalstryders.

Wat nou nog vir die Afrikaanse beweging oorbly, is die erkenning van owerheidsweë dat die woord „Hollands” in die sin van Afrikaans puur en simpel moet verklaar word, en dat die volk dit hartgrondig so wil aanvaar.

HOOFTUK VII.

AMPTELIKE ERKENNING VAN AFRIKAANS

Art. 137 Tydens die onderhandelinge oor unifikasie was die taalvraagstuk een van die neteligstes. Die Vrystaat was alleen bereid om vereniging te aanvaar as volkome talegelykheid in die Grondwet gewaarborg word. Uiteindelik is artikel 137 van die Unie-Grondwet aangeneem en ingelyf as 'n spesiaal-beskernde bepaling. Hierin word vasgelê dat Hollands naas Engels in alle opsigte amptelik gelykwaardig sal gebesig word.

So word die voortbestaan van Hollands in Suid-Afrika grondwettiglik verseker, 'n gebeurtenis van die allergrootste belang vir die rus en vrede van die land, die pleganker van die Afrikaner se taalregte.

Huistaalwet van 1912. Die Sentrale Regering was ook ernstig begerig om die taalregte gehandhaaf te sien en die Ministerie het daarom 'n rondskrywe aan die pasingestelde Provinsiale Rade gerig om in die skole voorsiening te maak vir die toepassing van talegelykheid. In 1912 het die Rade in al die provinsies, behalwe Natal, bepalings neergelê dat die leerling tot en met Standaard IV onderrig deur medium van die huistaal moet ontvang, d.i. die offisiële taal wat hy die beste verstaan. Maar onder „huistaal” van die Afrikaanssprekendes word nie Afrikaans gereken nie, dog Nederlands.

Hierdie saak sou C. J. Langenhoven in orde bring, maar voor ons daarby kom, moet ons nog eers by wyse van 'n uitstappie, kennis neem van die werk wat verenigings nà 1910 verrig en het in belang van Afrikaans.

Eerstens is daar die Stellenbosse A.T.V.-tak ^{Ons Moedertaal.} wat in Julie 1914 'n suiwer Afrikaanse maandblad, *Ons Moedertaal*, opgerig het. Die jong yweraars soos dr. Tobie Muller, prof. J. J. Smith en dr. B. B. Keet het met entoesiasme die Afrikaanse taalsaak voorgestaan en ander oortuig. Daar word gevra om die Bybelvertaling ter hand te neem en Afrikaans naas Nederlands te erken as amptelike taal. Die saak van die Bybelvertaling het 'n groot geskryf by teenstanders uitgelok.

In Mei 1916 is *Ons Moedertaal* met die pas- ^{Die Huisgenoot.} ontstane maandblad, die *Huisgenoot*, verenig; prof. J. J. Smith is weer op die redaksie. Die *Huisgenoot* het vir hom 'n vaste plek as huisvriend in Suid-Afrika verower. Altyd het hy propagandisties getuig op 'n mooi en bedaarde manier ten gunste van die Afrikaanse volkstaal. Op die gebied van die spelling het dit 'n normaliserende uitwerking gehad. Jong skrywers is aangemoedig en ander ontdek. So sterk het dit uitgebrei dat dit teen die einde van 1923 'n nuwe periode ingetree het as 'n geïllustrerde weekblad, 'n voorloper in dié opsig onder Suid-Afrikaanse tydskrifte.

Die uitbrek van die Wêreldoorlog het 'n vloed- ^{Helpmekeer.} golf van nasionalisme oor die land laat spoel. 'n Verhewigde politieke lewe is een gevolg, kulturele handhawingsdrif 'n ander. Nuwe verenigings het nou opgeskiet, verenigings wat wil handhaaf en bou, sommige ook op ekonomiese gebied. Die gedagte van hulpverlening aan die nasionale opstandelinge van 1914 wat tot tronkstraf en geldboete veroordeel is, lê ten grondslag aan die Helpmekeer, 'n beweging wat 'n ontsaglike bate vir die volk geword het waar dit vandag een van die belangrikste helpers is vir onbemiddelde maar talentvolle jongelui wat hul studies wil voortsit.

'n Verblydende teken is ook die deelname van Natal aan die kulturele handhawingstryd, veral in sy belangrikste aspek, die taal. Die kopstukke hier is prof. G. Besselaar, adv. en mev. E. G. Jansen en ds. G. Pellisier. Die eersgenoemde word beskou as die siel van die *Organisatie van Hollandse Taalvrienden* (later: *Afrikaanse*), 'n beweging wat in 1913 ontstaan het en hom ten doel gestel het die bevordering van Hollands (Afrikaans) op skool en in die staatsadministrasie.

In 1912 het die Natalse Provinsiale Raad die Uniale voorstelle van moedertaalonderwys sover dit Afrikaanse kinders betref, verwerp. Nou het die Organisasie van Hollandse Taalvrienden probeer om in dié opsig billike behandeling te verkry en deur hulle beywering het die Provinsiale Raad in 1916 tegemoetkomende wetgewing ingedien, nl. dat die ouer die taalmedium vir sy kind kon kies. Dit is dus geen verpligte moedertaalmedium soos elders nie, en die wet maak gebruik van die onwil van so baie Afrikaanse ouers om hul kinders deur die moedertaal te laat onderrig. Die wet is vandag nog van krag.

'n Ander belangrike Natalse beweging is die Saamwerk-Unie van Kultuurvereniginge, wat deur die inisiatief van adv. Jansen in 1917 tot stand gekom het, met Afrikaans as die amptelike taal. Een van die vernaamste prestasies van die Saamwerk-Unie is die instelling in 1917 van die Afrikaanse Taal-eksamens op inisiatief van mev. Jansen. Die getal deelnemers aan die eksamens het sedert 1917 'n verrassende hoogte bereik; van 406 het dit tot oor die 6,000 geklim in 1939.

(a) DIE SKOOL.

Nou kom ons by die stryd om die offisiële erkenning van Afrikaans in die skool. Hoërop het ons

gesien dat met die wet van 1912 onder die huistaal van die Afrikaanssprekendes nie Afrikaans gereken word nie, maar Nederlands. Tog het baie onderwysers in die laer klasse as medium die officieel eintlik toe nog onwettige Afrikaanse vorm gebruik, maar wat in der waarheid die natuurlike vorm vir die Afrikanerkind is.

Die eerste persoon wat hierdie onnatuurlike ^{1. Kaap.} tweeslagtige stelsel 'n bepaaldelike doodhou gaan toedien, is C. J. Langenhoven. Reeds vanaf 1912 het hy as redakteur van die Oudtshoornse koerantjie *Het Suid Westen* klinkende propaganda gemaak vir Afrikaans sodat sy stem dwarsdeur die land gehoor is. In April 1914 loods hy 'n mosie deur die Kaapse Provinsiale Raad wat Afrikaans in die skool sou invoer. Dit beveel die gebruik van Afrikaans aan as voertaal in die laerskole tot en met die vierde standerd, waar volgens wet Nederlands die voertaal is.

Kort hierop volg die Vrystaat en Transvaal. ^{2. Vrystaat en Transvaal.} Op voorstel van N. C. Havenga besluit die Vrystaters in Junie 1914 dat onder „Hollands” die Nederlandse en Afrikaanse vorms verstaan moet word en dat aan hierdie interpretasie praktiese uitvoering gegee moet word. Transvaal neem 'n dergelyke besluit op voorstel van Ludorf. So trek die drie Provinsiale Rade dan definitief 'n onderskeid tussen Nederlands en Afrikaans as twee tale.

Langenhoven het dit nie by die besluite gelaat ^{Akademie Steun.} nie, maar op die 1914 jaarvergadering van die Akademie het hy 'n besielende lesing gehou oor *Afrikaans als Voertaal*, sodat die Akademie sy goedkeuring gereg het aan die bewuste provinsiale besluite. 'n Kommissie is benoem om te sorg vir die nodige leerboeke in samewerking met vakmanne. Die Akademie pak nou ook die kwessie van 'n gesaghebbende spellingreëling aan, en publiseer die volgende jaar (1915) die goedgekeurde reëls -- 'n

noodsaaklike stap waar daar 'n aanvraag kom na deeglike skoolwerkies.

**Praktiese
Toepassing.**

Die besluite is gencem om Afrikaans in die skole in te voer, en blykbaar is alles in die haak, maar dit sal nog etlike jare duur voordat die praktiese toepassing in werking tree. In die Kaapprovinsie neem Afrikaans eers sy regmatige plek in die skole in na 1918, toe sir Frederic de Waal in die saak geroer het, en die onderwysende personeel self van die deugdelikheid van Afrikaans langsamerhand oortuig geraak het.

2. Vrystaat.

In die Vrystaat is die saak van owerheidsweë ook nie opsy geskuif nie. Met die sitting van die Provinsiale Raad in 1916 het Dan. de Villiers sy misnoegdheid uitgespreek, omdat die toepassing van Afrikaans nie geskied volgens die bedoeling van die betreffende Raadsbesluit nie. By dié geleentheid is sy voorstel met een teenstem aangeneem, nl. om „de Afrikaanse taal als leervak in de lagere standaarden in te voeren.” Vanaf 1916 het onderwysers wat aan die Bloemfonteinse Normaalkollege opgelei word, dan ook vir twee uur weekliks les in Afrikaans ontvang.

3. Transvaal.

Deur die optrede van die Pretoriase A.T.G. wat in 1916 'n afvaardiging na die Administrateur en die Uitvoerende Komitee gestuur het, is die saak in Transvaal weer aangepak en deur 'n Raadsbesluit is hierdie jaar bepaal dat, waar Afrikaans in die laerskole ingevoer is as voertaal, dit vanaf 1917 ook as leervak sal onderwys word op voorwaarde dat dit geleidelik van onder af geskied, d.w.s. van std. 1 tot std. VI.

4. Natal.

So teen 1918 het dus die provinsiale Rade oor die hele Unie, met uitsluiting van Natal, Afrikaans amptelike erkenning as voertaal en leervak in die laerskole laat erlang. Natal sal eers wag tot die mid-

del van 1923, en ten spyte van teenstand toe nog, het Afrikaans Nederlands ook in Natal heeltmaal verdring as voertaal. Nou word Afrikaans as leer- vak dwarsdeur die land bestudeer, in die hoogste klasse gelukkig ook met insluiting van 'n paar Nederlandse werke.

Die houding van die onderwysers teenoor Afri- Houding van die Onderwysers. kaans kan nog in 'n paar trekke geteken word. Dit was aanvanklik 'n vyandige houding, en veral om die praktiese besware soos die gebrek aan bevre- digende leesboeke, gebrek aan opleiding as onder- wysers van Afrikaans, afwesigheid van 'n algemeen- aanvaarde skryfvorm, ens. Met die verwydering van die vernaamste struikelblokke het die *beginsel* van moedertaalmedium tog geseëvier oor alle teen- stand en hindernisse.

Die onderwysersorgaan van Kaapland, *De Unie*, 1. Kaap. was aanvanklik baie vyandig teenoor Afrikaans, maar die kongres van die S.A.O.U. (Suid-Afri- kaanse Onderwysersunie) van 1916 besluit eenparig om by die owerhede aan te dring op erkenning van Afrikaans op skool tot std. IV; die jaar daarop word die versoek herhaal en die uitslag is die Raadsbesluit van 1918, ingedien deur die administrateur sir Frederic de Waal, soos ons reeds hoërop verneem het. Op die kongres van 1917 is Afrikaans naas Nederlands as amptelike taal van die S.A.O.U. self aangeneem.

Onder die Vrystaatse onderwysers is daar oor 2. Vrystaat. die algemeen van vroeg af 'n goeie gezondheid teen- oor die vraagstuk geopenbaar. Met die erkenning van Afrikaans in 1914 het die onderwysers, in kon- gres byeen, dadelik die stap met hul betuiging van instemming verwelkom en onderneem om „aan hier- die besluit soveel moontlik uitvoering te gee.” Die kongres van 1916 het selfs 'n deputasie na die

owerheid gestuur met praktiese wenke hoe om Afrikaans in die skole in te voer en te onderrig. Die Modelskool in Bloemfontein was die eerste om Afrikaans in 1918 dwarsdeur die skool in te voer. Die jaarvergadering van die O.V.S.O. (Onderwysers-) Vereniging van 1919 beveel by die outoriteite aan dat Afrikaans vanaf 1920 ook in die hoërskool ingevoer word, wat spoedig daarna gebeur.

3. Transvaal.

In Transvaal was die onderwyserskorps, genoem die „Vereniging van Onderwysers (esse) in S.A.“, baie laks omtrent die invoering van Afrikaans in die skool en het hulle gladnie met die saak bemoei nie, behalwe op die kongres van 1912. Die A.T.G. van Pretoria het eers deur sy beywering 'n finale beslegting teweeggebring, soos ons hoër op gesien het.

4. Natal.

In Natal was die deelname aan hierdie stryd van die kant van die N(atal) T(eachers) S(ociety) soveel as 'n nul op 'n kontrak. Soos aangedui, moes die erkenning langs 'n heel ander weg kom en is toe nog onsimpatiek bejeën deur die groot gros van onderwysers.

Universiteite.

Die beweging vir die erkenning van Afrikaans aan die universiteite het uitgegaan van die Afrikaanse Studentebond. In 1911 is die Studenten-Werda-Komitee in die Suide gestig, en in 1916 die A.S.B. in die Noorde met die doel: „a. Die wetenskaplike ontwikkeling van sy lede ooreenkomstig die Afrikaans-tradisionele volkskarakter, (b) die handhawing en bevordering van die Hollands-Afrikaanse taal, lettere, kuns en geskiedenis.”

A.S.B.

Die Studenteliggaam het veral ten opsigte van die mediumkwessie kragtig opgetree in die eerste jare van sy bestaan. Besluite is deur die kongres en deur individuele takke geneem oor die wenslikheid om Afrikaans as studievak en as voertaal in die opleidings- en universiteitskolleges geldig te kry. In

1918 is 'n petisie ingevolge die kongresbesluit aan die Minister van Onderwys gerig om te vra vir die instelling van 'n Afrikaanse leerstoel vir Afrikaans en die erkenning van Afrikaans as voertaal in die konstituerende kolleges van die Universiteit van S.A.

Die versoek het geslaag en leerstoel is in Afrikaans ingestel, die eerste in 1918 aan die G.U.K. met die benoeming van dr. D. F. Malherbe as professor in Afrikaans, en sekere vakke word voortaan aan verskillende inrigtings deur Afrikaans as voertaal gedoseer.

In 1918 dring 'n monstervergadering van studente aan die Kaapstadse Universiteit by die owerhede aan om Afrikaans in die plek van Nederlands as vakmedium te erken, en in 1919 word J. J. Smith op Stellenbosch aangestel as die tweede professor in Afrikaans. So het Afrikaans dan sy regmatige plek verower in al die onderwysinrigtings dwarsdeur die land.

(b) DIE KERK.

Ook die Hollandse Kerk word geroepe om stelling in te neem teenoor Afrikaans. „Die Bybel word nie verander vir die eerste 50 of 100 jaar nie, al sou die Afrikaanse taal erken word,” is die mening van 'n besliste voorstander soos ds. W. Postma in 1906. Ook later (1912) redeneer hy nog dat met 'n Bybelvertaling gewag moet word totdat daar groter eenstemmigheid heers oor die taalvorm: vir die teenswoordige is „Afrikaans nog in die maak.”

Hier ontmoet ons by 'n vooraanstaande yweraar wat bo alle verdenking staan, dieselfde manier van redenering met die praktiese besware as uitgangspunt, soos eweneens in die onderwyskringe aangetref is. Maar met die erkenning van Afrikaans het dit amper so gegaan soos dit in die Gesangboek staan:

„Het is een wonder in onz' oogen, wij zien maar doorgronden het niet." „Regtig," roep Langenhoven uit, „die saak was van die Here, en dis wonderlik in ons oë, te wonderlik om ons eie ervaring te glo."

Met die algemene bewuswording het die behoefte ontstaan om die Bybel te laat vertaal en Afrikaans deur die kerk algemeen erkend te kry. Dit geskied binne luttel jare. Reeds in 1914 besluit 'n algemene vergadering van die Gereformeerde Kerk in beginsel tot die stap om die Bybel en bedienisskrifte in Afrikaans oor te sit. Dit blyk dat verskillende predikante van hierdie Kerk ook in Afrikaans begin preek het. Die Vrystaatse onderwysers gee die Sinode die vertaling in ernstige oorweging by geleentheid van hul kongres in April 1916; die volgende maand bespreek die Vrystaatse Sinode die punt soos deur ds. (wyle dr.) N. J. van der Merwe voorgestel, en besluit ooreenkomstig om Afrikaans te erken as die offisiële taal naas Nederlands en om die Bybel daarin te laat vertaal.

'n Kommissie word deur die Vrystaatse Sinode belas om in samewerking met die Ner. Geref. Kerk in die ander provinsies en met die Gereformeerde en Hervormde Kerke die geskikste manne vir die taak te vind. Binne 'n week hierop besluit die Sinode van die Verenigde Kerk van Transvaal ten gunste van Afrikaans as offisiële kerktaal en verwys die saak van Bybeloorsetting na die Raad van die Gefedereerde Kerke.

Drie jaar later besluit die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Natal eenparig dat, mits daardeur geen aanstoot gegee word aan gemeentelede nie, Afrikaans as kerktaal kan gebesig word.

In dieselfde jaar (1919) kom ook die Kaapse Sinode met ongeveer dieselfde voorbehoud daartoe om Afrikaans naas Nederlands as die offisiële taal van die kerk te aanvaar.

Ger. Kerk
1914.

Vrystaat.

Transvaal.

Natal.

Kaap.

So het Afrikaans binne 'n paar jaar sy intrede in die Hollandse Kerke van Suid-Afrika gemaak met die goedkeuring van die oorgrote meerderheid in die verskillende provinsies soos verteenwoordig op die Sinodes.

Na die erkenning van die gesonde beginsel kom die toepassing, deur die Bybel in Afrikaans te vertaal. Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling kan ons gerieflikheidshalwe in drie periodes verdeel: (a) 1872-1911, wat ons reeds behandel het; (b) 1914 tot 1922, en (c) 1923 tot 1933. Bybelvertaling

Ons het reeds gesien dat *Ons Moedertaal* ywerig propaganda gemaak het vir 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans, maar die eintlike spoorslag is die lesing van dr. B. B. Keet oor die A.T.V. op Stellenbosch in 1914 oor „Die Bybel in Afrikaans,” en hiermee begin dan die tweede periode in die geskiedenis van ons Bybelvertaling. Hy beveel aan dat die werk gesamentlik deur die Hollandse Kerke in Suid-Afrika verrig moet word om versnippering van kragte te voorkom. Hierdie wenk word aanvaar deur die Vrystaatse Sinode van 1916, soos ons reeds gesien het. Tweede Periode.
Dr. B. B. Keet 1914.
Vrystaatse Sinode 1916.

Vertalers en reviseurs is nou aangestel deur al die Hollandse Kerke van Suid-Afrika. Op die vertaalkollege het o.a. gedien dr. J. D. du Toit, dr. B. B. Keet, dr. F. Postma, dr. G. B. A. Gerdener en dr. N. J. van der Merwe. Hulle opdrag was om die Nederlandse Bybel te verafrikaans en in 1922 verskyn die eerste proewe van hul werk, nl. *Die Vier Evangelie* en *Die Psalme*. Hiervan is spoedig 70,000 eksemplare verkoop. Maar oor die algemeen was die ontvangs van die proefvertaling deur die publiek en die pers nie gunstig nie. Die taal was baie swak en is selfs „stompstert”-Hollands genoem. So het Langenhoven gespot met die meervoud Vertalers.
Proefuitgawe 1922.

Fariseë: die enkelvoud is dan seker *Fari-meer* of *Fari-oseaan*, het hy gesê. Dit het duidelik geword dat so'n reusetaak nie deur 'n aantal predikante in hul ledige ure gedoen kan word nie, maar deur twee of meer persone wat hulle vir die taak afsonder en al hul aandag daaraan wy.

Derde Periode.

In 1923 begin dan die derde periode in die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling. Nou word besluit om die vertaling uit die oorspronklike tale te doen, nl. Hebreeus en Grieks, en om twee persone vir die werk los te maak, nl. dr. J. D. du Toit vir die Ou Testament en dr. J. D. Kestell vir die Nuwe Testament. Na 'n jaar is aan hulle hulp gegee: dr. H. C. M. Fourie en dr. E. E. van Rooyen vir die Ou Testament, en dr. B. B. Keet vir die Nuwe Testament. Tog is die grootste gedeelte van die vertaalwerk deur die eersgenoemde twee persone gedoen. In 1927 het prof. C. van Gelderen van die Vrye Universiteit van Amsterdam vir ses maande ook met die Hebreeus kom help, want „Job wou nie Afrikaans praat,” het dr. Du Toit verklaar. Verder het 'n menigte reviseurs gehelp, en deur die Akademie is vier taalgeleerdes benoem om die vertalers met taalkundige advies te dien, nl. die professore D. F. Malherbe, T. H. le Roux, S. P. E. Boshoff, en J. J. Smith (wat later bedank het).

Vertalers.

Taaladviseurs.

Proefuitgawe
1929.

In 1929 is 'n tweede en nuwe proefvertaling op die mark gebring van die *Vier Evangelies en die Psalm* wat nou algemene byval gevind het. Die Afrikaanse volk het alle kragte saamgespan en n' £5,000 bymekaar gemaak om die onkoste aan hierdie onderneming verbonde te beshry. Na tien jaar van harde arbeid het die volledige Afrikaanse Bybel in Mei 1933 verskyn om die hoogste triomf van die Afrikaanse taal aan te kondig.

Afrikaanse
Bybel, 1933.

Psalm-
beryming.

Tot die toepassing kan nog gereken word die beryming van die Afrikaanse Psalms en Gesange.



Die vertalers van die Bybel in Afrikaans. Van links na regs: dr. J. D. du Toit, dr. E. E. van Rooven, dr. I. D. Kestell, dr. H. C. M. Fourie en dr. B. B. Keet.

Die Afrikaanse Psalmboek het in Julie 1937 verskyn, en die geskiedenis daarvan is geskets in die „Voorwoord van die Kommissie van Reviseurs.” Deur die Sinode van die Gereformeerde Kerk is in 1920 aan dr. J. D. du Toit (Totius) die beryming van die Psalms in Afrikaans opgedra. In 1923 verskyn sy 36 *Psalme in Afrikaans* met musiek deur F. W. Jannasch. Dit het verskeie drukke beleef en is later uitgebrei tot 60 *Psalms*. Deur die Sinode van die Ned. Geref. Kerk van Kaapland is in 1924 aan die S.A. Bybelvereniging opgedra „om 'n nuwe sangbundel uit te gee, waarin, onder meer, van die mees bekende Psalme en Gesange opgeneem moes word, wat gerevideer en gekeur is deur verteenwoordigers van die Gefedereerde Nederduits-Gereformeerde Kerke.” Die gevolg hiervan was *Die Nuwe Halleluja*. In die tweede druk daarvan (1931) is 77 Psalms van Totius opgeneem. Die Ned. Herv. Kerk het in 1928 versoek om saam te werk sodat die saak 'n breë kerklike beweging geword het. Die drie Hollandse Kerke het nou elkeen 'n kommissie benoem om gesamentlik 'n Afrikaanse Psalmboek gereed te maak. Op 'n gesamentlike vergadering is die beryming aan Totius opgedra, en 'n Kommissie van Reviseurs is in 1934 deur die Breë Kommissie benoem om, in oorleg met letterkundige adviseurs (dr. E. C. Pienaar, dr. G. Dekker en dr. A. J. Coetzee) die voorgelegde berymings te revideer en te keur. Van Totius is berymings vir 150 Psalms goedgekeur; terwyl 'n tweede beryming van Psalm 23 van dr. G. B. A. Gerdener, en 'n tweede van Psalm 130 van ds. J. J. Kühn goedgekeur is. Agter in die *Psalms* is ook opgeneem die Drie Formuliere van Enigheid en die Liturgie, in Afrikaans vertaal deur die Bybelvertalers.

Op die oomblik word daar ook aan 'n Afrikaanse Gesangboek gewerk. As proewe het ons reeds

Langenhoven se *Gesange in Afrikaans* (1922) en *Proewe van Oorsetting van die Gesange-bundel in Afrikaans* deur J. Celliers, P. Louw en dr. G. B. A. Gerdener (1924). Ook ander kerkboeke, soos die *Kerkwette*, *Jaarboeke*, *Almanakke* en *tydskrifte* in diens van die kerk, verskyn nou in Afrikaans. Dit het Nederlands volledig vervang.

(c) DIE STAAT.

Hoe staan dit met Afrikaans in die Volksraad, die hoogste wetgewende liggaam in die land? Met die toeneming van al hierdie bewyse van die volkswil lyk dit vanselfsprekend dat die vraagpunt of die term „Hollands” in die Grondwet Afrikaans insluit, sal moet beantwoord word.

Volksraad.

1918.

In 1918 het die Volksraad bepaal dat vir doeleindes van staatsadministrasie Afrikaans onder „Hollands” in artikel 137 van die Unie-Grondwet inbegrepe is, behalwe in gevalle van wetsontwerpe en wette van die Parlement en van offisiële dokumente van beide Huise, in watter gevalle net die vereenvoudigde vorm van Nederlands gebruik sal word.

1925.

Die betekenis van hierdie besluit lê daarin dat die hele staatsdiens in al sy vertakkinge vir Afrikaans oopgestel is: Afrikaans word as skryftaal van gesagsweë erken, maar nie vir die Parlement self nie. 'n Einde word eers aan hierdie dualisme gebring in 1925, toe bepaal is dat Afrikaans Nederlands vanaf die volgende jaar ook vir parlementêre doeleindes moet vervang. Die regering onderneem verder om aan 'n goedgekeurde persoon of firma 'n staatstoelaag toe te ken vir die samestelling van 'n Afrikaanse Standaard-Woordeboek. Prof. J. J. Smith is nog steeds hiermee besig.

Hiermee het Afrikaans dan eindelijk volle erkenning verwerf, is hy van gesagsweë meerderjarig verklaar. Afrikaans is uiteindelik een van die twee erkende landstale van Suid-Afrika, vasgelê in die Grondwet in 'n spesiaalbeskermd artikel.

HOOFTUK VIII.

TOEPASSING EN UITLEWING VAN DIE TAAALREGTE.

Van nou af moet die verworwe waardigheid behou en verhoog word, moet die wettig-erkende erforsie in 'n meerdere mate aanvaar en diensbaar gemaak word ten bate van die volk wat sy kultuur-goedere werd is omdat dit verdien is.

Die stelligste tekens in dié rigting is die ruime ontplooiing van die Afrikaanse gedagte op politieke, kulturele en ekonomiese terreine. Daar kom iets van 'n waaragtige geloof in die toekoms en bestemming van ons volk, en op sekere gebiede word die Afrikaanse strewe aanvallend, dikwels nog gepaard met luidrugtigheid, maar tog ook minder negatief en meer opbouend, stillerwerkend van binne-af na buitentoe in die warme daad.

Baie van die ou verenigings het ondergegaan, maar aan die ander kant kom nuwe organisasies op om allerbelangrike werk te doen. Dit is haas onmoontlik en seker onnodig om by almal stil te staan, maar dis duidelik dat in die agtergrond van die strewe van die organisasies die besef skuil dat die Afrikaanse kultuur nog nie deur die daad, deur toepassing, die plek ingeneem het by die Afrikaner self, waarop hy mag aanspraak maak nie. Die Afrikaanse beweging het langsamerhand verloop in 'n kultuurstryd en eindelik in 'n ekonomiese stryd, hoewel selfs die taalstryd nog nie eens beëindig is nie.

Ons moet nou aandag gee aan die Federasie **F.A.K.** van Afrikaanse Kultuurvereniginge (F.A.K.) wat in 1929 gestig is met die leuse: „Handhaaf en Bou,” en tot doel het „die bevordering van 'n nouer samewerking tussen alle Afrikaanse kultuur- en aanverwante vereniginge, met die oog op (a) gesamentlike, en waar nodig, gelyktydige optrede; (b) die beskerming en opbouing van 'n eie nasionale kultuur, gegrond op die godsdienste en tradisies van die Afrikaner.”

Taalhandhawing was in die beginperiode die belangrikste taak van die F.A.K., maar hy het spoedig sy arbeidsveld uitgebrei en ook die Afrikaanse kuns en historiese besit beskerm: so is kunswedstryde in die groot stede georganiseer en ook Afrikaanse boekweke gehou. Langsamerhand het daar egter 'n strewe gekom om die begrip „kultuur” te verruim, en as gevolg van die bewuswording van ons volk se ekonomiese nood is die aandag vandag toegespits op die strewe na ekonomiese redding en saambinding van die Afrikaner se ekonomiese kragte. Ons staan egter in die midde van die gebeure en kan nie verder daarop ingaan nie — dit moet nog eers geskiedenis word.

Kyk ons terug, dan is dit verblydend om te merk hoe die volkswil hom onkeerbaar ge-uit het in die toe-eiening en uitbouing van sy geestesgoedere. So skry die Afrikaanse beweging steeds voort van die een volksgroep, volkslaag en nasionale belang na die ander, getrou aan 'n innerlike drang om te lewe in sy eie vorm. Dat hy alreeds op velerlei gebied sy lewensvorm gevind het, dit is intussen die *triomf van Afrikaans!*

SLOT.

Hier wil ons nog daarop wys dat Afrikaans ook **Afrikaans**
ver buite die grense van ons land gepraat word deur **buite S.A.**

verhuising van Afrikaners na ander gebiede, veral vanaf die laaste kwart van die vorige eeu. Na Angola is daar omtrent 'n 350 Afrikaners, hoewel die meeste van hulle in 1928 na Suidwes-Afrika teruggebring is. Die Afrikaanssprekende bevolking van Suidwes tel vandag iets oor die 15.000 siele! Die offisiële tale in hierdie gebied is Afrikaans en Engels. In Suid-Rhodesië is daar ongeveer 14.500 Afrikaanssprekendes, d.w.s. byna 'n derde van die blanke bevolking, en in Noord-Rhodesië 3.500. Selfs in Oos-Afrika (Kenia en Tanganjika) is daar oor die 2.500 Afrikaners. Na die Tweede Vryheidsoorlog het byna 'n duisend Afrikaners na Argentinië verhuis, maar vanaf 1937 het ongeveer 600 teruggekeer.

Hoewel die Afrikaners in hierdie verskillende gebiede Afrikaans praat, is die posisie van hul taal tog nog nie heeltemal gunstig nie.

Buitelandse
belangstelling.

Holland.

In die tweede plek moet ons daarop wys dat verskillende Europese lande 'n groot belangstelling toon in ons taal. Vooraan kom natuurlik Holland. Terwyl die Hollanders aanvanklik onsimpatiek gestaan het teenoor Afrikaans en baie onvriendelike dinge daaroor gesê het, veral oor sy herkoms, het hul houding geleidelik meer positief geword, veral gedurende die afgelope tien jaar. Ons boeke word in Nederlandse tydskrifte bespreek, en selfs vertaal, soos *Somer* en *Droogte* van prof. C. M. van den Heever. 'n Gebeurtenis van die allergrootste belang is die instelling van 'n Afrikaanse leerstoel aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam in 1933. Dit is op waardige wyse beklee deur prof. G. Besseelaar en na hom deur (nou wyle) dr. E. J. Conradie, wat deur haar jeugdige entoesiasme en geesdrif die Leerstoel baie gewild gemaak het.

Duitsland.

In Duitsland is daar sedert 1923 'n lektoraat vir Afrikaans aan die Universiteit van Berlyn. Hier

doen prof. M. Breyne baie om Afrikaans aan die Duitsers bekend te stel. So het hy *Somer* van C. M. van den Heever ook in Duits vertaal.

In Engeland word aan die University College, ^{Engeland.} Londen, ook daadwerklike aandag aan Afrikaans gegee. Prof. T. J. Haarhoff het hom baie beywer om belangstelling vir Afrikaans in Engeland te wek.

Ten slotte: die Afrikaanse taal het 'n inter-^{Radio} nasionale status bereik sedert die uitbreek van die huidige oorlog. Ons taal word vandag deur die eter na ons uitgesaai uit Engeland, Amerika, Duitsland en selfs Australië. Holland en Duitsland het trouens voor die oorlog al daarmee begin.

OPGAWES.

1. Skets die taaltoestande in Suid-Afrika vóór 1875.
2. Noem en bespreek 'n paar van die oudste geskrifte in Afrikaans, en gee spesiale aandag aan die werk van L. H. Meurant.
3. Vertel wat Arnoldus Pannevis en C. P. Hoogenhout gedoen het in belang van Afrikaans.
4. „Die siel van die Eerste Tydperk in die Afrikaanse Beweging was ds. S. J. du Toit.” Bespreek.
5. Vertel kortliks die geskiedenis van die Genootskap van Regte Afrikaners.
6. Die voorstanders van Afrikaans het in 1875 met die stigting van die G.R.A. en later, baie teenstand ondervind. Wie was die teenstanders, en wat het hulle gesê?
7. Watter houding het die voorstanders van Afrikaans teenoor Nederlands ingeneem?
8. Skets die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling vóór 1900?
9. Bepaal die betekenis van die *Afrikaanse Patriot* vir die Afrikaanse taalstryd.
10. Noem en bespreek 'n paar van die vernaamste Afrikaanse boekies wat vóór 1900 verskyn het.
11. Skets die geskiedenis van die A.T.V., die A.T.G., of die Akademie.
12. Vertel die rol wat De Waal, Preller en Postma gespeel het in die stryd om die erkenning van Afrikaans.

13. Gee 'n oorsig van die taalstryd in die verskillende provinsies nà die Tweede Vryheidsoorlog tot ongeveer 1910.
14. Maak aantekeninge oor: studentebewegings; die F.A.K. en die Saamwerk-Unie.
15. Gee 'n beknopte oorsig van die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling nà 1900.
16. Noem en bespreek die vernaamste Afrikaanse tydskrifte.
17. Watter koerant het die Afrikaanse Beweging gesteun? Bepaal die betekenis van elkeen.
18. Hoe was dit gesteld met die Afrikaanse taal onmiddellik na die Tweede Vryheidsoorlog?
19. Na die Tweede Vryheidsoorlog het Afrikaans baie teenstand ondervind van Nederlands en Engels. Vertel wat u daarvan weet.
20. Maak 'n opstel van ongeveer twee bladsye oor die amptelike erkenning van Afrikaans (die skool, die kerk, die staat).

Boeke uitgegee deur J. L. VAN SCHAIK, BPK., Pretoria:—	Prys:
DIE SWAAR WOORD:	
Verklarende Skoolwoordeboek (Afr-Afr.) deur Dr. H. A. Steyn ...	4/-
BYBELSE HULPBOEK VIR ONDERWYSERS:	
deur O van Oostrum en Dr. B. Gemser	7/6
DIE GESKIEDENIS VAN DIE AFRIKAANSE BEWEGING:	
deur Drs G S en P J Nienaber	7 6
KUNS EN KUNSWAARDERING:	
deur Dr. A C. Bouman	6/-
DIE GESKIEDENIS VAN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE:	
deur Drs G. S. en P. J. Nienaber	10 6
OPSTELLE OOR POËSIE:	
deur H. A. Mulder ...	3,-
DIE AANMEKAARSKRYWE VAN WOORDE IN AFRIKAANS:	
deur H. J. Terblanche ...	6 6
GRONDBEGINSELS VAN MUSIEK:	
deur Dr. P. F. Swanepoel	4/3
OPVOEDKUNDIGE STRAF:	
deur Dr C E W. Gutsche	11/6
DIE VERGELYKING IN DIE AFRIKAANSE VOLKSTAAL:	
deur Dr. B. Kok	8/6
DS. S. J. DU TOIT, DIE EENSAME ISMAEL:	
deur Dr. P. J. Nienaber ...	3/6
TOKKELOSSIE:	
'n Bydrae tot die Afrikaanse Volk-kunae en Taal- kunde, deur Dr. Abel Coetzee ...	4/-
AFRIKAANSE SPREEKWOORDE, GESEGDES, ENS.:	
deur Kritzinger, de Villiers en Pienaar ...	5'-
LEENGOED:	
Gedagtes oor Taal, Volksgeloof, Kultuur, deur Dr. Abel Coetzee	2/-
JAN LION CACHET:	
met sy Sewe Duiwels, deur Dr. P. J. Nienaber ...	3/-